# Die MATIE

Die Bloukamer
Restaurant - Catering-
Conference Facility
www.diebloukamer.co.za
Top Floor Neelsie Centre
...where friends meet!
021 808 2846
eriko@diebloukamer.co.za

NEGE-EN-SESTIGSTE JAARGANG | NO 7 WOENSDAG 10 MAART 2010 GRATIS OP KAMPUS VERSPREI

**NUUS**
Probleme met raadsverkiesing 3

**AKTUELE SAKE**
US oorweeg pendeldiens vir studente 5

**STUDENTELEWE**
The flash mob comes to Stellenbosch 9



**DAG & NAG**
Pieter Dirk Uys praat Evita 11

**KWYTRAAK**
Petra Müller oor die verlede en die toekoms 15





**UP IN FLAMES** The top floor of The Brazen Head Irish Restaurant and Pub is here shown engulfed in flames from a blaze which started in the early hours of Thursday 4 March. This photo was taken by Johann Swart, *Die Matie*'s Photo Editor, without attracting the notice of the police after they barred him from photographing the scene, allegedly harassing him in the process. Swart has since filed a complaint with the ICD. Photo: JOHANN SWART

### Journalist allegedly harassed on scene

# Fire damages historic building

**ANTHEA HARTZENBERG**

The historic building which houses The Brazen Head Irish Restaurant and Pub suffered a devastating fire in the early hours of Thursday 4 March 2010.

The Brazen Head, situated in Andringa Street, is a popular establishment frequented by students, staff and Stellenbosch residents.

According to the co-owner, ms Freda Streicher, the cause of the fire will only be known after the forensic inspectors conclude their investigation. The results are expected within the next few days.

Streicher said that the fire, which started on the top floor, damaged most of the upper level of the building.

"Mainly the office and storeroom as well as part of the lounge were damaged," Streicher said. Streicher and the staff of the restaurant left the building at approximately 04:25 in the morning.

"At 04:30 I got a call from ADT security saying that the alarm had gone off and that there was smoke coming from the building," Streicher said. The Stellenbosch Municipality has since closed the building due to its historical significance.

Streicher said that the entire building needs to be rewired in order to satisfy council regulations before the restaurant can reopen for business.

While at the scene, *Die Matie*'s Photo Editor, Johann Swart, was allegedly harassed by police who tried to prohibit him from taking photos at the scene, claiming that the taking of photos was not allowed. According to Swart, the police attempted to confiscate his camera to delete the photos. Swart claims that he notified the officer of his official capacity as a *Die Matie* photographer and produced his press pass at the scene, which was not cordonned off by the police.

Swart has since filed a complaint with the Independent Complaints Directorate (ICD).

In 2008, Stellenbosch University (SU) students were also allegedly physically assaulted during raids by the police on popular nightspots around the campus area.

Students were also prohibited from recording the raids with their cellphones.

Last year, the Student Representative Council organised a forum with the police to address the relationship between the police and students, among other issues.

This event was cancelled at the last minute due to the withdrawal of mr Lennit Max, minister of Community Safety in the Western Cape.


Repeated attempts to get hold of the Stellenbosch police communications officer for this article failed.

## According to the experts:

ACCORDING to mr Johann van Tonder, former Photo Editor at *Die Burger* and part-time photo journalism lecturer at Stellenbosch University, such action by the police borders on infringement of the rights of the photographer. Van Tonder noted that if Swart followed the correct procedures, mainly identifying himself, respecting any cordonned-off area and not tampering or interfering with evidence or a crime scene, he was within his rights to take photos.

Van Tonder, who has 20 years' experience in news photography, said that police treatment is often inspired by overzealousness or a lack of familiarity with the rights of individuals and the police in the situation. He also added that the police did not have a right to confiscate Swart's camera and require legitimate grounds before they can make an arrest.





**RAISING AWARENESS, ONE NOTE AT A TIME** Students and staff members from Stellenbosch University joined members of the Peer to Peer group and the Office for Institutional HIV Coordination on 3 March to raise awareness of HIV and to promote HIV testing. The march, along with free HIV testing stations, formed part of the annual HIV testing drive of the university which finishes today at 16:00. Photo: ANDRÉ OLIVIER

# HIV testing vital – OIHC

LIVHU RAMUGONDO

The Stellenbosch University (SU) annual HIV testing campaign concludes today. The campaign, which ran between 1 and 10 March 2010, was organised by the Office for Institutional HIV Coordination (OIHC).

As part of the campaign, an awareness march took place on 3 March.

The campaign will run on the Tygerberg campus from 19 to 23 April 2010.

This year's theme is "Grow up and get tested" in support of SU's goal to reposition the university as a higher education institution of relevance regarding local and global issues.

Testing takes place today until 16:00 on the first floor of the RW Wilcocks building, in front of the Engineering faculty and in the VV Hall in the Neelsie.

The OIHC estimates that over 1 700 students have been tested so far in this years campaign.

The university also focuses on the promotion of human rights and aims to play a significant role in contributing to the eradication of pandemics associated with poverty.

According to ms Monica du Toit, an OIHC coordinator, participation increases every year.

This is in accordance with the Vision 2012 goal of having no new HIV infections.

"The OHIC hopes the campaign will reach a stage where March will be known as HIV month on SU campuses," Du Toit said.

The campaign aims to promote protection against HIV among SU students and staff.

The voluntary counselling and testing aims to provide a deeper understanding of the disease and to create awareness.

To increase participation, a mobile unit has been placed outside the Engineering Faculty.

The A-B-C logo of the campaign expresses the simple steps to take in determining one's HIV status, A being for information on testing, B for booking a testing spot at any of the testing stations and C for testing and results with pre- and post test counselling.

## NEWSINBRIEF | NEWSINBRIEF

### Measles outbreak monitored

STELLENBOSCH University (SU) Campus Health Services have stepped up efforts to monitor measles.

This comes after the Western Cape provincial government alerted the public of a measles outbreak in the province. According to a university press release, three cases have already been reported to the Campus Health Services.

Private practitioners are suffering a shortage of vaccinations, which are currently only being offered by municipal clinics and provincial public hospitals.

According to dr Pierre Viviers, head: Campus Health Services, though 90% of the student population are thought to be immune under normal circumstances, there are special cases.

"Given the infectious nature of measles, it impacts on class attendance, tests and the daily work programmes of the campus community.

We have clear guidelines and procedures in place to handle such infections and monitor the occurrence and reporting of any such cases," Viviers said. Symptoms are a high temperature, runny nose and the typical skin rash. Any student who feels he or she might be suffering from these symptoms is advised to seek medical attention immediately. *– News Desk*

### Student receives medal for thesis

ETHEL Phiri, a student at Stellenbosch University (SU), has been awarded the S2A3 medal by the Southern African Association for the Advancement of Science.

This award is given to students who offer new research in their master's thesis in science. Phiri spent 13 months on Marion Island off Antartica as part of her master's thesis. Her thesis focuses on the impact of invasive plants and animals. Prof Eugene Cloete, dean: Faculty of Science, presented the award to Phiri at a faculty board meeting in February of this year. According to Phiri, one of the most difficult aspects of the research was the weather on Marion Island, where the annual temperature is approximately five degrees celcius.

"Being on Marion Island is really hard work," she said. Phiri is currently busy with PhD studies in invasion ecology with a focus on fynbos. *– News Desk*

### SRC addresses SU failure rate

THE STUDENT Representative Council (SRC) recently held a student forum to discuss the high failure rate at Stellenbosch University (SU).

The forum focused on challenges facing students, their circumstances and whether SU developmental structures are effective in assisting students in overcoming these issues and helping them to achieve academic success.

The forum heard that available SU support is not communicated effectively to students.

Attendees also noted their concern that the social and academic orientation programme fails to prepare students adequately for their academic careers.

Statistics quoted at the forum showed that the Faculty of Science recorded a total enrolment of 1 402 students in 2006 for an undergraduate bachelor's degree, and only awarded 299 degrees in 2008.

SRC vice chair, Neil de Kock, stated that the number of students who finish their degrees within the specified time, is recorded at 30%.

The forum forms part of a series of student forums organised by the SRC. *– Livhu Ramugondo*

# Taalsimposium oor meertaligheid aangebied

SUZANNE GLATTHAAR

'N TAALSIMPOSIUM is onlangs aangebied om die kwessie van Afrikaans en meertaligheid op universiteitsvlak te bespreek.

Die simposium, "Afrikaans en Meertaligheid op Universiteitsvlak", het deel gevorm van die Universiteit Stellenbosch (US) se Woordfees en het op 2 Maart in die Neelsie se Sanlamsaal plaasgevind.

Die simposium, wat deur onder andere die Adam Tas-studentevereniging gereël is, het 'n verskeidenheid sprekers genooi om hul insigte rakende die gebruik van verskeie tale op universiteitsvlak te deel.

Die sprekers het oor die leemtes en vrese rondom the kwessie van meertaligheid op universiteitsvlak gepraat.

Moontlike oplossings ten opsigte van taal aan universiteite is ook bespreek.

Een van die sprekers, mnr Christo van der Rheede, uitvoerende hoof deur Stigting vir Bemagtiging deur Afrikaans (SBA), het die taal-struikelblok op universtiteite toegeskryf aan die tekort aan nodige taalryk skoolonderrig.

"Dit is noodsaaklik om [...] die amptelike tale van opvoeding en ekonomiese aktiwiteite in Suid-Afrika te ondersoek," het Van der Rheede gesê.

"[Ons moet] vasstel hoe [die tale] optimaal uitgebou kan word om die kringloop van geslagtelange armoede te help verbreek," het Van der Rheede gesê.

Prof Anton van Niekerk, voorsitter van die US-se Filosofie-departement, prof Malene Verhoef, 'n tolkdienste-spesialis, en prof Nico Koopman, dekaan: US Teologiefakulteit, was van die ander sprekers.

## Errata

ON PAGE 6 of the previous edition of *Die Matie*, dated 24 February 2010, mr Gerrie Swart is incorrectly referred to as mr Gawie Swart.

Mr Swart wrote the "Addressing the Nation: Zuma speaks out" article.

*Die Matie* apologises for any inconvenience.

On page 16, in the feature "New Sounds in 2010", the artist Will Mono was said to collaborate with other artists "by adding his voice to their music". This is incorrect.

Will Mono adds vocals to his music through collaborations with other artists.

CAPE BUDGET ACCOMMODATION
RIVERVIEW LODGE
SPECIALISTS IN SPORTS TOURS & LARGE GROUPS
5 star
budget accommodation
R140/night-breakfast incl.
RIVERVIEW LODGE (CAPE TOWN)
Ideal for large/small groups
Conveniently close to UCT and all that Cape Town offers
Holiday accommodation
Tel: (021) 447 9056
Fax (021) 447 5192
email info@riverview.co.za
www.riverview.co.za

Moenie punte verloor vir spel- en taalfoute nie.
Ek vertaal, proeflees en redigeer alle kopie teen billike tariewe.
Kontak my vir 'n gratis kwotasie by:
082 453 9797 of
liesl.peyper@gmail.com

Bergzicht Plaza Laundry
Drop & Collect
5 Days a Week
Reliable Lucille, will be at to your service
Bergzicht Plaza Wassery
Voorafbetaalde wasgerief beskikbaar
Betroubare Lucille, sal tot u diens wees
Vir navrae, skakel:
Ronel 082 258 0568

Afgestel weens min belangstelling

# Mej Matieland gekanselleer

ZANIE MAREE

Mej Matieland 2010 is, weens 'n tekort aan belangstelling, gekanselleer. Mej Matieland is die Universiteit Stellenbosch (US) se jaarlikse skoonheidskompetisie en word deur die JOOL-komitee georganiseer.

Volgens 'n anonieme bron is kaartjies vir die liefdadigheidskonsert, waar die wenner gekroon word, reeds vanaf November 2009 teen R100 verkoop. Dié bron meen kaartjieverkope was baie sleg.

Dewet Burger, voorsitter: JOOL-komitee, voeg by dat "belangstelling in die kompetisie oor die afgelope vyf jaar al meer gedaal het". Hy sê ook dat die JOOL-komitee 'n groot verlies sou maak indien hulle met hierdie jaar se Mej Matieland-kompetisie sou voortgaan. "Ons kan nie so 'n verlies rasionaliseer nie."

Die anonieme bron skryf die tekort aan inskrywings vir vanjaar se kompetisie toe aan onvoldoende bemarking op kampus. "Die houding op kampus is dat hierdie kompetisie nie meer relevant is nie, aangesien die meeste koshuise hul eie skoonheidskompetisies het en die Mej Varsity Cup-kompetisie jaarliks aangebied word." Die JOOL-komitee se enigste inkomste vir die liefdadigheidskonsert is kaartjieverkope.

Burger meen dat die Mej Matieland-kompetisie nie in komende jare weer aangebied sal word nie. "Deur na die afgelope paar jaar te kyk, het ons tot die gevolgtrekking gekom dat die kompetisie nie meer relevant is nie, aangesien die studenteliggaam sowel as die algemene publiek nie 'n behoefte aan die kompetisie het nie."

Die JOOL-komitee het in 2007 'n poging aangewend om die kompetisie op kampus meer gewild te maak. Daarom is Mnr Matieland geloods. Burger meen terugvoer oor die kompetisie was aanvanklik goed, maar in 2008 het die belangstelling onder manlike studente en die publiek weer gedaal en is Mnr Matieland gekanselleer.

"In 2009 het die komitee dus besluit om slegs Mej Matieland aan te bied en om die geleentheid te omskep in 'n meer elegante liefdadigheidskonsert," sê Burger. Die komitee het ook hul fokus verskuif om die algemene publiek, sowel as studente, te betrek. Burger beweer dat die kompetisie in 2009 'n groot wins gemaak het, toe Amanda Strydom as gaskunstenaar opgetree het. Elsabé Zietsman sou by die 2010-liefdadigheidskonsert optree, maar aangesien dit in dieselfde week as die Woordfees geskeduleer is, was die belangstelling min.

Volgens Barbara Laubscher, JOOL-komiteelid, is Mej Matieland nie net 'n skoonheidskompetisie nie, maar ook 'n geleentheid om fondse vir liefdadigheid in te samel.

"Die wenner is 'n ambassadeur vir die US."



**WATERBALLONNE** Strijdom van der Merwe, landskapkunstenaar, het tydens die Woordfees in samewerking met die Victoria-kluster 'n projek geloods om studente bewus te maak van die behoud van die Eersterivier. Studente is uitgenooi om van 2 tot 6 Maart groot blou ballonne met woorde, gedigte en liedjies oor die bewaring van water te versier en aan klippe in die rivier vas te maak. Dié balonne is teen Donderdagmiddag vernietig. Dit word aan vandalisme of ekstreme weertoestande toegeskryf. Foto: JOHANN SWART

# Kampus se alkoholmisbruik-kwessies aangeraak

**Melindie Bester** en **Joh-Neil van der Westhuizen**, albei finalejaar mediese studente aan die US, het alkoholmisbruik as gesondheidskwessie op kampus geïdentifiseer. Hier volg brokkies inligting oor studente se alkoholgebruik soos dit uit vraelyste en bronne versamel is.

**Hoeveel spandeer studente op alkohol?**



**R110** per week

**R440** per maand

**Hoe beïnvloed alkohol seksuele gedrag?**

- Normale inhibisies word onderdruk.
- 'n Mens is geneig tot meer aggressiewe seksuele gedrag.
- Propriosepsie word onderdruk, d.w.s. 'n mens sukkel om 'n kondoom aan te sit.

**Hoekom word vroue vinniger dronk?**

Vrouens het minder van die ensieme wat alkohol in die lewer verteer.

Die voorbehoedpil verminder die spoed van die uitskeiding van alkohol.



Tydens menstruasie word hormone afgeskei wat vroue langer geïntoksikeer hou.

**Hoe beïnvloed alkoholmisbruik studente se akademie?**

**28%** van studente staak hul studies weens alkoholmisbruik



**41%** van akademiese probleme word toegeskryf aan herhaalde alkoholmisbruik

**Wat sê hulle?**

"Alkohol is 'n probleem op kampus, maar Buddy is darem daar." – Gerhard Wiese (SR-voorsitter)

Alkohol is 'n groot probleem op kampus. Daar moet dus strenger reëls wees omtrent alkoholgebruik, soos dat klubs om 00:30 toegemaak moet word en dat *punch* by skakelings verbied moet word. – Le Roux van der Westhuizen (Inwonende Hoof: Wilgenhof en adjunk-direkteur: SSVO)


STELLENBOSCH AUTO CLINIC

MECHANICAL ELECTRICAL AIRCON ALARM

ONS ONDERNEEM:

- Diens en herstelwerk van alle voertuie (petrol en diesel)
- Auto elektroniese werk
- Auto elektriese werk
- Installeer en herstel van alarms
- Lugversorging
- Radios

Kontak Nic

Tel: 021 883 3661 / E-pos: sac@telkomsa.net


INTERKAMPUS | INTERKAMPUS

*deur Elnari Potgiet*

## Studente flous nasionale finansiële skema

TALLE studente misbruik die Nasionale Studente Finansiële Skema. Dié skema wil Suid-Afrika se behoeftigste studente help indien hul families nie kan bydra tot hul tersiêre opleiding nie.

*Times Live* berig dat sommige studente vals verklaar dat hulle ondersteun word deur byvoorbeeld hul armoedige grootouers om sodoende die nodige ondersteuning van die staat te ontvang. R2,3 biljoen is verlede ja aan dié befondsingsskema bestee.

Die Minister van Hoër Onderwys dr Blade Nzimande, het reeds 'n mini triële taakmag saamgestel om hierd tendens te ondersoek.

Die hoof van hierdie taaksp prof Malusi Balintulo (vise-kanseli Walter Sisulu Universiteit), noem d daar volop bewyse is van studente w die sisteem wil flous.

## Hawking oorweeg skuif van Cambridge na Kanad

DIE WÊRELDBEROEMDE teoretiese fisikus, prof Stephen Hawking (68), oorweeg dit om van Cambridge Universiteit in Engeland na die Perimeter-Instituut in Ontario, Kanada te verskuif.

*Time Live* berig dat Hawking reeds 50 jaar aan Cambridge doseer.

Hy oorweeg hierdie skuif blykba weens die Engelse regering se vermin dering van studie-subsidies.

Hy glo die sny van die begroti gaan wetenskaplike ontwikkeli belemmer.

Hawking is bekend vir sy revol sionêre vordering in teoretiese fisik

# AIDS in our backyard



**CROSSING BORDERS**

Chivimbiso Gava

IT HAS been three years since I arrived in Stellenbosch. I experienced an overwhelming culture shock when I first arrived here. The populace did not constitute anything I had ever seen in other African cities I had visited over the years. Not to mention the dominant Dutch architecture, numerous sidewalk cafés and street pathways that were draped in over-arching oak trees. This is indeed a little Europe!

As I am Zimbabwean and went to school in Namibia, South Africa was not a new or an unknown destination to me. Deciding to come to Stellenbosch University (SU) was like walking down the street. I chose this institution on the basis of its academic merit. Needless to say that the borders Otto von Bismarck and his friends drew to artificially divide Africa up, are of very little concern to me. I am an African and do not consider myself a visitor in any part of Africa.


I am of the sentiment that in order to fully experience a place you choose to visit, study or live in, you must experience the people! There are a number of things that come to mind in retrospect when I think about my time in Stellenbosch.

My time with the Office for Institutional HIV Co-ordination (OIHC) as a peer-to-peer educator stands out. The sessions the OIHC gave us were invaluable. In these sessions taboos were challenged and we inevitably had to confront our own stereotypes about the disease.

Although students get tested during the campaign, numbers could be greater. Stellenbosch in itself is a bubble and there seems to be an air of denial and apathy. Perhaps this is on account of a demographic not feeling it is an issue that affects their immediate communities. However, I wouldn't go as far as saying this is the general consensus. There are people in Stellenbosch who understand or at least try to understand this disease. As the urban youth we are often consumed by our need for wealth, fame, Babylon's poison and all the earthly pleasures we can get our hands on. Despite our obsession with materialism, an element of humanity should be retained. HIV/Aids is an issue that affects all of us. According to the Aids charity AVERT in Action "an estimated 5.2 million people were living with HIV and Aids in South Africa in 2008, more than in any other country." This is indeed food for thought.

– Gava is doing her BPhil (Journalism) and is from Zimbabwe. She has been studying at SU since 2007.

*The opinions expressed in this column are not necessarily those of this newspaper, its editor, or any member of its staff.*



**ISLAM DISCUSSED** The Islamic Society of the University of Stellenbosch (ISUS) invited a renowned scholar, Habib Umar bin Hafiz of Yemen, to speak to SU muslim students on 1 March. He discussed the role of Islam in the modern world and was accompanied by a multinational delegation of scholars. Photo: JOHANN SWART

Universiteit loods behoeftebepaling op kampus

# Pendeldiens in die pyplyn

ANIKA MARAIS

Die Universiteit Stellenbosch (US) ondersoek tans die moontlikheid van 'n pendeldiens vir studente wat in nabygeleë dorpe of voorstede bly. Die US is tans besig met 'n behoeftebepaling onder studente wat as basis sal dien vir die beplanning en implementering van dié pendeldiens.

Volgens prof Leopold van Huyssteen, uitvoerende direkteur: Bedryf en Finansies, het die pendeldiens sy oorsprong in die rektor se pedagogie van hoop gevind en word dit as 'n prioriteitsprojek in die US se Oorhoofse Strategiese Plan geïdentifiseer. 'n Komitee is saamgestel om die projek in fases te ontwikkel.

Die behoeftebepaling, wat die US tans loods, sal meer duidelikheid verskaf in terme van die areas wat die pendeldiens moet bedien, naamlik die busse, oplaai- en aflaaipunte, verskaffers en die koste van die projek. Van Huyssteen meen die US is verbind tot studentesukses en welwees en beskou die pendeldiens as 'n noodsaaklikheid ter bevordering daarvan.

Gerhard Wiese, voorsitter: Studenteraad, stem saam en sê daar is 'n definitiewe behoefte onder studente vir 'n pendeldiens. Tog meen hy "vervoer (of die gebrek daaraan) is iets wat enige student en sy of haar ouers in ag moet neem wanneer hulle besluit om aan die US te studeer".

Wiese voeg by dat sekere faktore soos lang ure op die pad en die vertrektye van busse in ag geneem moet word.

Luke Cuff, prim: Pieke, beaam dit en meen 'n pendeldiens is noodsaaklik aangesien parkering op kampus 'n groot probleem is.

Ten spyte van ekstra kostes wat die pendeldiens mag inhou, is die reaksie positief.

Wiese is van mening dat studente vir die pendeldiens sal betaal. "Ek is bewus daarvan dat sommige studente reeds busmaatskappye gekontak het om te vra of hulle van hul dienste kan gebruik maak."

Cuff voeg by dat 'n pendeldiens meer ekonomies is. "[Die geld wat studente vir die pendeldiens gaan betaal], is geld wat hulle sou spandeer aan petrol of ander vervoer soos busse en treine."

Leandri Erwee, onderprim: Aristea, stem saam en sê: "As dit studente se veiligheid verseker en veroorsaak dat hulle tyd spaar waar hulle gewoonlik in die Neelsie moes rondhang, glo ek studente sal bereid wees om ekstra vir die diens te betaal".


**CHRIS LE ROUX MOTORS**

GIVE YOUR CAR THE STAR SERVICE IT DESERVES!!

Probleme met u motor kar? .
Geen probleem vir ons om dit te herstel teen 'n baie billike prys. Ons doen alle meganiese werk op alle tipe motors. Geen fout te klein of te groot vir ons nie.
Ons spesialiseer ook in BMW motors.

Problems with your motor vehicle? No problem for us to fix it at a very reasonable price. We do all mechanical work on any type of motor vehicle. No fault too big or too small for us. We also specialize in BMW motor vehicles.

FREE QUOTATIONS!!
- Services guaranteed
- Affordable and reliable
- Over 20 Years of Professional experience
- Qualified workmen
- RMI registered business

CONTACT DETAILS:
Tel: 021 883 3724
Fax: 021 887 9114
Cell: 072 530 6816
chris@chrislerouxmotors.co.za

234 BIRDSTRAAT STELLENBOSCH

REMEMBER!! If you do not speak to one of us, Thomas, Chris, Sibbald or Chrismari, then you are **not** speaking to CHRIS LE ROUX MOTORS!





DieMATIE

OPNAME

Is die taaldebat steeds relevant op kampus?

Stem @
www.sun.ac.za/diematie/poll.php



Foto Studio Lockley
SINCE 1873

SOEK U 'N FOTOGRAAF?
KYK DAN NIE VERDER NIE

- Koshuis foto's
- Ook digitale foto's en op CD gebrand
- Grade Foto's
- Portrette
- Paspoort en & ID foto's terwyl u wag.

Pleinstraat 21, Stellenbosch
Tel. 021 883 3131 - Faks 021 886 6378
Skuins oorkant Hoofposkantoor en Langs Europa Koffieshop.

COR LANGENBERG

**HULLE WORD TOG TE GOU GROOT**
Prof Russel Botman, US se rektor en visekanselier, se dogter, Me Ilse Botman het op Maandag 8 Maart haar graad (MScBosb) ontvang. Tydens Maandag se gradeplegtigheid het studente van die fakulteite Lettere en Sosiale Wetenskappe, Regsgeleerdheid, Teologie en Krygskunde grade, diploma's en sertifikate ontvang. Llewellyn MacMaster, studentedekaan, het ook sy doktersgraad (DTh) ontvang. Die Departement Politieke Wetenskap het 'n rekordgetal van 27 M-grade tydens hierdie gradeplegtigheid opgeteken – die meeste sedert dié departement se stigting in 1966. 17 Studente het MA (Internasionale studie), 5 MA (Politieke Wetenskap) en 5 MA (Politieke Bestuur) ontvang. Verdere gradeplegtighede het Dinsdag 9 Maart plaasgevind en vind vanaand weer plaas.
**Foto: JOHANN SWART**



PSO unhappy about accommodation at Boland College

# Equité raises concerns

**CURRENT AFFAIRS DESK**

Equité Private Student Organisation (PSO) has expressed concern regarding their accommodation at Rozenhof residence at Boland College. Stellenbosch University (SU) has given some members of Equité the opportunity to stay in this residence in 2010.

According to mr Pieter Kloppers, manager: Student Housing, SU was approached by Boland College in November 2009 about whether the university would like to rent Rozenhof residence. "At the time, we still had many students that needed accommodation and we rented the building." Lloyd Blake, vice chair: Prim Committee, explains that Equité was chosen to live in Rozenhof "for the simple fact that Rozenhof falls into the geographical location of the AmaMatie cluster and Equité is the PSO of that cluster".

Johandré Bosman, prim: Equité, raised concerns about a number of things regarding their accommodation, which includes the fact that, according to Bosman, the fees at Rozenhof are much higher than those of other residences on campus. As agreed by Stellenbosch University (SU) and Boland College, SU students living in Rozenhof are required to eat and pay for food at the residence to avoid the unnecessary downsizing of Boland College's maintenance staff. The fees for SU residences exclude food costs. Kloppers explained that SU had to consider many aspects, such as maintenance and catering. "If SU decided to provide the food for 2010, it would have meant that several people would have lost their jobs at Boland College two weeks before Christmas." Kloppers also said that if SU did not rent Rozenhof, Boland College would have made the residence available to any SU student. This posed a problem as the residence would not have had a house committee, residence head or mentors.

Regarding the high fees in comparison with SU residences, Kloppers explains that "if you add the cost of renting a room in any of our residences with the money to eat at the residence for a year, prices are on par with other residences on campus and are far below the cost of staying privately and paying for your own food".

Equité is also unhappy about the fact that food is served at inconvenient times. Times are set to accommodate Boland College students. Dinner is served at 17:00. Kloppers said that arrangements are being made to accommodate SU students, but "when you cannot eat at the times food is served, you can opt for a food parcel".

Equité students are also unhappy about the lack of internet access at the residence. Kloppers states that "internet connection was never part of the offering. The university has nevertheless decided to pay the six figure number needed to provide some internet connection". When this issue was raised, Blake mentioned that these problems are being addressed. "With regards to the internet, funds have been made available for six wireless internet hotspots to be installed in the hostel. The installation process has begun and should be completed by the time the students return from their March vacation."

SU only rented Rozenhof for one year. This leaves Equité members living in Rozenhof uncertain of accommodation in 2011. Kloppers claims that he does not know if SU will rent Rozenhof again next year.

Bosman still defines Equité as a PSO, regardless of the fact that some members live in Rozenhof and some live in private accommodation. "Our identity as Equité is strong enough to take on any challenge!" Although Blake defines this situation as unusual, he does not find it unfair. "In essence it provides a fantastic opportunity with regard to facilities and structures for Equité to serve their private students that other PSO's do not have."

DEUR: THANDO MOTUMI EN JOHANN SWART

## WAT SÊ JY?

**MEJ MATIELAND 2010 IS GEKANSELLEER. IS DAAR NOG PLEK VIR SKOONHEIDSKOMPETISIES OP KAMPUS?**



**ZILKE GOOSEN**
BSc Consumer Science

"It should be a nice activity for students to come together and it can open doors."



**WESSEL PIETERSE**
(Vierdejaar) BSc Voedselwetenskap

"Dit skep gees en gee mense die geleentheid om ander mense te leer ken."



**JAN PHILIP**
(Vyfdejaar) BSc Bewaringsekologie

"Daar is altyd plek vir mooi meisies!"



**MARKO MINNAAR**
BA Geesteswetenskappe

"Nee, ek dink nie so nie. Almal is mooi in hul eie *way*."



**YONELISA NDYAMBOTI**
(Postgraduate) Economy and Finance

"No, I don't think so."



**MARICA LE ROUX**
(Derdejaar) BA Sosio-Informatika

"Dit is meer 'n koshuis-ding."

# Woordfees-Plataankafee fasiliteer gesprekke oor Wêreldbeker

**ELNARI POTGIETER**

MET NET minder as 100 dae voor die 2010 Sokkerwêreldbeker in Suid-Afrika afskop, wonder baie Suid-Afrikanera of hierdie geleentheid werklik vir ons land voordeel gaan inhou.

Twee gespreksforums, PraatSaam, wat tydens die Woordfees by die Plataan-kafee deur Freek Robinson as deel van dié Radio Sonder Grense (RSG)-program gefasiliteer is, het juis op hierdie kwessies gefokus.

Gassprekers was Ludwig Hendricks (Suid-Afrikaanse Sokkervereniging-verteenwoordiger), Jeremy Fredericks (sportjoernalis), prof Stan du Plessis (professor in ekonomie aan die Universiteit Stellenbosch en Mandy du Plooi (joernalis van *Mail&Guardian*).

### Sokker as sport-buiteperd

Die rol van rasse-voorkeure in die sport-arena is 'n wesenlike kwessie in Suid-Afrika. Volgens Fredericks het dit te make met voorkeure onder Suid-Afrikaners. Hy meen sokker is 'n swart sportsoort as gevolg van Suid-Afrika se geskiedenis en sê dit kan net gewysig word deur munisipale geriewe op te knap om sokker van die strate af te kry. Hendricks beaam dat hierdie voorkeure 'n gevolg van "blokke in ons koppe" is.

### Sokkerbefondsing op grondvlak

Hendricks blameer die owerhede vir hul gebrek aan finansiële ondersteuning van sokker op grondvlak wat lei tot gebrekkige ontwikkeling van dié sportsoort. Verder, meen Hendricks, is die gebrek aan sport in skole die owerhede se skuld, siende dat Liggaamlike Oefening (LO) nie meer as vak aangebied word nie en skole self sportsoorte moet befonds.

### Impak op die ekonomie

Prof Du Plessis val met die deur in die huis wanneer hy verklaar dat die verwagte positiewe effek op die ekonomie slegs ten tye van die Wêreldbeker duidelik te sien sal wees, veral in die toerisme- en gasvryheidsbedryf. Tog meen Robinson dat die positiewe effek wat die toernooi mag hê, nie noodwendig langtermyn voordele vir Suid-Afrika inhou nie. Du Plessis is van mening dat daar wel 'n bedryfswins bespeur sal word. Hy noem tog dat die instansie wat die grootste voordeel uit die toernooi gaan trek FIFA, die beheerliggaam van wêreldsokker, is. "FIFA is soos 'n regering op hul eie," meen Du Plooi. Suid-Afrika sal egter nog lank opgesaal sit met die langtermyn kostes, noem Du Plessis. Daar is wel positiewe ontwikkelings, waaronder verbeterde infrastruktuur en stadions.

Du Plessis sê ook dat "hierdie tipe toernooi wel kan lei tot groter internasionale blootstelling en dalk sakegeleenthede kan verhoog." Dit is egter moeilik om hierdie impak te meet. Die geleentheidskostes van hierdie toernooi word bevraagteken, veral terwyl "daar mense in krotte slaap en skole en hospitale gebou moet word," soos 'n gehoorlid opgemerk het.

### Nasionalisme en nasietrots

"Die Wêreldbeker gaan vir sokker en ons land doen wat die Rugby-Wêreldbeker in 1995 beteken het vir rugby en demokrasie," sê Hendricks. Du Plooi meen Suid-Afrika moet dié geleentheid sien as 'n geleentheid om stereotipes te beveg. "Dit is 'n geleentheid om 'n beeld en boodskap uit te stuur na die res van die wêreld. Die [doel met die] aanbied van die Wêreldbeker was nooit om wins te maak nie, maar om nasietrots te bevorder."

SOUTH AFRICA

# Verkiesingskommissie (OVK)


Eerw. Courtney Sampson Provinsiale Verkiesings-beampte (Hoof van die OVK in die Wes-Kaap)

**WIE IS ONS**

Die Verkiesingskommissie (OVK/IEC) van Suid Afrika is een van sewe hoofstuk 9 regeringsinstellings wat tot stand gekom het om demokrasie in ons land te ondersteun. Die primêre doel van die Kommissie is "om die grondwetlike demokrasie te versterk en om verkiesingsprosedures te bevorder".

Die Verkiesingswet, (Wet 51 van 1996) bepaal dat die Verkiesings-kommissie van Suid Afrika onafhanklik moet wees en slegs onderhorig aan die Grondwet en die Reg. Die Kommissie moet onpartydig wees en altyd optree sonder vrees, onpartydig en sonder vooroordeel.

**DEELNAME AAN VERKIESINGS: REGISTREER**

As Suid-Afrikaanse burger is dit jou reg en verantwoordelikheid om aan die verkiesing deel te neem deur te registreer en te stem.

**Wie kwalifiseer om as 'n kieser te registreer?**

Om te kan registreer, moet jy:

- 'n Suid-Afrikaanse burger wees
- 16 jaar of ouer wees (maar jy mag slegs stem as jy 18 jaar en ouer is)
- In besit wees van 'n geldige groen stafie kode Suid-Afrikaanse ID-dokument of 'n tydelike identiteitsertifikaat

**Waarom behoort jy te registreer?**

- Die Kieswet 73 van 1998 bepaal dat slegs diegene wie geregistreer is en wie se naam op die kieserslys verskyn, toegelaat sal word om te stem. Slegs landsburgers op die kieserslys mag stem.
- Registrasie is die eerste tree in die uitoefening van jou reg en burgerlike plig om te stem.

**Waar kan jy registreer?**

Die registrasie van kiesers vind van Maandag tot Vrydag gedurende kantoorure by alle plaaslike munisipale verkiesingskantore plaas.

By hierdie verkiesingskantore sal jy kan:

- Registreer as kieser as jy 16 jaar en ouer is
- Herregistreer indien jy van adres verander het
- Kontroleer of jou naam op die kieserslys verskyn in die stemdistrik waar jy woonagtig is.

**SMS jou ID-nommer na 32810 of besoek ons webtuiste: www.elections.org.za.** Kies die skakel "Are You Registered?" om na te gaan of jy geregistreer is. Vir kontakbesonderhede van jou plaaslike verkiesingskantoor kontak die onderstaande streekkantore.

ELECTORAL COMMISSION
ENSURING FREE AND FAIR ELECTIONS
SOUTH AFRICA

**DEELNAME AAN VERKIESINGS: Waarom moet ons stem?**

In die stelsel van plaaslike regering in Suid-Afrika, het gemeenskappe die reg om deel te neem aan die besluitnemingsprosesse van hul munisipaliteite. Dit is belangrik vir inwoners on te besef dat dit hul verantwoordelikheid is om daardie reg op te eis deur aktiewe deelname. Dit is daarom belangrik dat ons weet wie ons plaaslike wyksraadslid is en hom/haar versoek om spesifieke tye opsy te sit waartydens hy/sy die inwoners van die spesifieke wyk te woord staan.

**Hoe kan inwoners deelneem in plaaslike bestuur?**

Daar is verskillende maniere hoe inwoners kan deelneem aan die munisipaliteit se verrigtinge. Hier is 'n paar voorstelle:

- Stem elke 5 jaar in die plaaslike regerings verkiesings vir u plaaslike raadslede (en in tussenverkiesings)
- U moet deelneem in munisipale besluite aangaande die toewysing (allokering) van die munisipale begroting
- U moet deelneem aan u munisipaliteit se Geintegreerde Ontwikkelingsplan (GOP/IDP) prosesse.
- U moet deelneem aan prosesse waarin die munisipaliteit se dienslewering gemonitor word, as deel van die munisipaliteit se Prestasie Bestuur Sisteem (PBS)
- U moet gemeenskapsdeelname vergaderings, wyksvergaderings of verhore in verband met sake soos behuising, begrotings ens, bywoon.
- U moet gaan praat met, of skryf aan u wyksraadsld oor enige voorstelle of kwellinge wat u mag hê.
- U moet verbale of geskrewe kommentaar lewer op enige belangrike dokumente wat deur die munisipaliteit uitgegee is, soos die GOP, begroting of jaarverslag.
- U moet gaan praat met, of skryf aan munisipale amptenare om hulle te laat weet van u dienslewering behoeftes, sowel as idees wat u mag hê.
- U moet munisipale raadsvergaderings bywoon, sodat u self kan sien hoe besluite deur die munisipaliteit geneem word.
- U kan staan in die verkiesing om 'n lid van u plaaslike wykskomitee, andersins moet u, u plaaslike wyksvergaderings bywoon waar u insette kan lewer.
- Voorstelle kan aan u munisipaliteit gemaak word deur u, as lid van 'n gemeenskaps gebasseerde organisasie, soos 'n behuisings assosiasie, 'n inwoners organisasie of 'n kerk groep.
- U moet bewys dat u verantwoordelike burgers (inwoners) is deur vir u munisipale dienste te betaal.
- U kan staan in 'n plaaslike regerings verkiesing as 'n wyksraadslid, as lid/kandidaat van 'n politieke party, of as 'n onafhanklike kandidaat.

*(Inligting geneem uit : LEARNING about LOCAL GOVERNMENT - a first step towards active engegament by the Foundation for Contemporary Research - May 2006)*

***Provinsiale Kantoor van Verkiesingskommissie in die Wes-Kaap***

5de Vloer, Mutual Sentrum, 52 - 54 Voortrekker Weg, Bellville
Tel: **021 944 5300** Faks: **021 945 2691**

***Kiesersopleiding en Uitreiking***

**Chris Balie**, Provinsiale Kantoor. Bellville
Tel: **021 944 5300** Faks: **021 944 5335**

***Registrasie projekte***

**Kolisa Mfenyana**, Provinsiale Kantoor. Bellville
Tel: **021 944 5300** Faks: **021 945 2691**

***Streekkantoor van die Verkiesingskommissie in die Kaapse Wynland Distrik en Stad Kaapstad***

**STAD KAAPSTAD - Metro Verkiesingskantoor**
**Samson Mdlangazi** - *Metro Toesighouer*
STAD KAAPSTAD *(Bellville)* - **021 944 5301**

**KAAPSE WYNLAND Distrik Verkiesingskantoor**
**Priscilla Abrahams** - *Kaapse Wynland Streektoesighouer*
BREEDE VALLEY MUNISIPALITEIT *(Worcester)*
**023 342 8208**



VICTORIOUS The RAG winners for 2010, Harmonie and Eendrag, were announced on Friday 5 March at the annual glamorous RAG ball.
Photo: JANDRÉ ROBBERTZE

## 2010 JOOL-uitslae

**SMOEGBEKER (UIT 20 000 PUNTE)**

Eerste plek: Eendrag en Harmonie (20 000)
Tweede plek: Helderberg en Nerina (18 180)
Derde plek: Huis Marais en Minerva (17 820)

**JOOLBEKER (UIT 9 000 PUNTE)**

Eerste plek: Eendrag en Harmonie (9 000)
Tweede plek: Huis Marais en Minerva (8 713)
Derde plek: Helderberg en Nerina (8 380)

**GEMEENSKAPSBEKER (UIT 2 000 PUNTE)**

Eerste plek: Eendrag en Harmonie (2 000)
Tweede plek: Majuba en Huis ten Bosch (1 879)
Derde plek: Helderberg en Nerina (1 745)

**GELDBEKER (UIT 9 000 PUNTE)**

Eerste plek: Eendrag en Harmonie (9 000)
Tweede plek: Simonsberg en Sonop (8 532)
Derde plek: Pieke en Serruria (8 407)

**GROENBEKER**

Eerste plek: Simonsberg en Sonop
Tweede plek: Oude Molen en Monica
Derde plek: Vesta en Lydia

Besoek www.matiesjool.co.za vir die volledige lys.



**KICK IT!** Defying the heat, Maties showcased their soccer abilities during the Flash Mob Soccer event on the Neelsie parking lot on 3 March.
Photo: ANDRÉ OLIVIER

# Students warm up for 2010

**LIEZL CONRADIE**

They came, they played, they conquered. True to flash mob nature, 500 of Stellenbosch's soccer enthused students joined forces on 3 March to create South Africa's biggest soccer game.

With 50 soccer balls, five referees and the revamping of the Neelsie parking lot into a massive street soccer pitch, campus was brought to life by an event like no other, combining flash mob and soccer.

Hosted by MFM 92.6 and Stellenbosch University's Support 2010 Campaign, this massive soccer game transformed the lunch hour into one for the records.

Applying the basic soccer rules (including the impromptu rule stating: if it moves, kick it; if it does not move, kick it until it does), two teams of 250 players each defied the 32°C heat in order to create awareness and excitement for the 2010 FIFA World Cup.

Celebrating the period of 99 days until kick-off, the event started appropriately by introducing the players to the pitch, and getting them warmed up, through learning how to do the Diski Dance – South Africa's official dance introducing Africa's rhythm to the world.

The dance comprises a series of choreographed soccer moves. Instructors from the Stellenbosch University Sport Performance Institute (SUSPI) got the team spirit going by teaching the players the dynamic and jovial moves.

With a nod to the typical flash mob characteristics, the players were only informed before the first kick-off of precisely what would be expected of them as a mob.

In this case, whenever the cry of the notorious vuvuzela was heard, everyone had to freeze immediately (even if in mid-kick) and could only continue when the referee's whistle was blown.

Draws were held in which two cash prices of R500 were won, as well as a soccer ball worth R1 000. This is also the same type of ball that will be used during the World Cup.

Aurora had the most entries and received R1 000 for their enthusiasm.

Taking the lead throughout most of the game, the green team won the match with 214 goals to 99.

One of the members of the winning team described the game as enjoyable and feels that good intiative was showcased in order to promote excitement for the World Cup among students.

# What is this thing called 'flash mob'?

**JOEY VOLSCHENK AND ROELEEN SIEBERHAGEN**

IT HAS become an international phenomenon, slowly creeping into society from all corners of the world.

You might have noticed it before: hundreds of people standing frozen like statues in a mall only to leave the scene later like nothing happened.

Ordinary people all bursting into the same song followed by silence as the strangers continue to pass by each other, or maybe a group of people having a pillow fight until only the feathers are left.

A flash mob occurs when a group of people show up in a predetermined location, perform a certain act and then disappear as if it never happened.

This phenomenon originated in Manhattan in June 2003. Today it is common all over the world.

Participants can be anyone: from young children to elders. A flash mob has no restrictions. People are contacted via e-mail, bulletin boards and websites.

The date, time and venue as well as which props are required – pillows, for instance – are revealed via these bulletins.

Props are to remain carefully hidden from view until the given moment. The main goal of a flash mob is to create confusion and to intrigue and baffle the public.

Anyone can start a flash mob by following just four easy steps: First, have an original idea. It should be something that has not already been done to attract people.

Secondly, plan your timing. Your event should be easy enough for people to just show up to, like for instance gathering at the Danie Craven Stadium during a rugby game and breaking out into a random song with each goal scored during a match. In this case, the venue would be easily accessible and large amounts of people already plan to gather there.

Thirdly, advertise your event. Participation can only be made possible if people are aware of the event.

A fast and effective way is sending an email to 50 friends, who in turn pass it on to a different group of people.

And last but not least, step back and have fun.

# A face reveals the truth, so lie to me

**NIKITA HECTOR AND JOEY VOLSCHENK**

ALREADY in its second season on South African televisions, the hit series Lie to Me offers viewers something a little different.

Intensely fast-paced and action-packed, it follows the work of the Lightman Group, the world leaders in deception detection, led by the somewhat unorthodox dr Cal Lightman (Tim Roth), who uses the science of micro-expressions to detect emotions that are being concealed.

His sexy yet sophisticated partner dr Gillian Foster (Kelli Williams) uses a mixture of psychology and behavioural science to assist him.

His constant inabilty to admit that Gillian's insight into the human psyche is what he needs more often than not makes for an interesting relationship between these partners.

Then there are the members-in-training, like Ria Torres (Monica Raymund) who formerly worked at an airport customs office. Her natural talent for spotting lies and the truth was noticed by Foster and she joined the Lightman Group to develop her natural gift.




When he isn't spending his time uncovering the truth or testing Ria, Cal can be found arguing with his lead researcher Eli Loker (Brendan Hines). Eli believes, oddly, in always speaking the truth and in making his own mark and voicing his opinion about absolutely everything.

A further addition is made to the group in the first season, when full-time FBI agent Ben Reynolds (Mekhi Phifer) joins the team.

His law enforcement training causes him to act first and ask questions later, quite a different approach to that of the scientists.

The characters, though separated by their differences, create an amazing team that takes on riveting situations while they risk their lives daily.

Lie to Me transports the viewer to a world of science that seems so simplistic you will catch yourself trying to decipher the micro-expressions of your friends.

If crime, lies, and truth fascinate you, this show is the perfect opportunity for you to explore your hidden dectective skills.




Leer Scuba Duik
Kom belewe die fantastiese onderwater wêreld
Bespreek vandag nog en maak dit 'n werklikheid!
Afslag Pryse Vir Studente!
Geen klub fooie
Scuba Diver Kursus R1599
(Gratis gebruik van alle toerusting vir die duur van die kursus)
Advanced Scuba Diver Kursus R1700
Indigo Scuba Diving Centre - Gordon's Bay
Deon: 083 268 1851 - info@indigoscuba.com
www.indigoscuba.com




Suid-Afrika se bekendste wit vrou woeker met kookboek, uitstalling en *shows* by Woordfees

# Evita hier, Evita daar, Evita deurmekaar!

PIETER-FRANCOIS THERON

Evita Bezuidenhout was nog altyd lewensgroot, en vanjaar het hierdie "bekendste wit vrou in Suid-Afrika" haarself onmisbaar gemaak by die Woordfees met 'n nuwe boek, twee verhoogstukke en selfs 'n kunsuitstalling.

Pieter-Dirk Uys het Woordfeesgangers iets gegee om van te kies en te keur, met 'n eenmanvertoning van Evita se *'n Koeksister vir Zuma*, sowel as 'n kabaretstuk deur haar vervreemde suster, Bambi Kellerman, getiteld *Bambi in Kabaret*.

"Ag, ek verstaan dit nie!" sug Evita tydens haar vertoning wanneer sy praat oor haar suster se teenwoordigheid by die fees.

"Sy's besig met die een of ander kabaretstuk." Die twee praat al vir sewe jaar lank nie met mekaar nie, maar dit lyk of Evita wel die bande sal kan herstel met 'n geheime wapen: haar kos.

Die hoogtepunt van Evita se besoek aan Stellenbosch vanjaar is ongetwyfeld die bekendstelling van haar kookboek, *Evita se Kossie Sikelela*. Die pragtige volkleur boek is propvol eg Suid-Afrikaanse resepte: van Afrikaanse bobotie tot Halaal-disse. Al wat jy nie daarin sal vind nie, is Engelse kookkuns. "*English cooking – dis 'n contradiction in terms*," skerts Evita.

Volgens Uys het Evita begin kook nadat sy met die 1994-verkiesing haar werk as ambassadrise van die swart tuisland, Bapetikosweti, verloor het en in Nelson Mandela se kombuis beland het.

Sy het gou besef een manier om vyande rondom dieselfde tafel te laat sit is deur vir hulle 'n bak koeksisters aan te bied.

"As jy saam met jou vyande rondom 'n etenstafel sit, sal niemand iets waag nie – daar is te veel messe en vurke!" vertel Evita, of is dit nou Uys?

Ten spyte van die feit dat hy daarop aandring dat hy Evita selde te siene kry, en sy na hom as derderangse komediant verwys wat haar soms namaak, kry ek 'n bietjie van albei te siene terwyl ons in die HB Thomteater gesels.

Dit is vroegaand en Uys moet binnekort begin regmaak vir sy volgende vertoning van *'n Koeksister vir Zuma*. Die "Full House"-borde is reeds van vroegmiddag af voor die deur.

Vanaand staan Uys weer voor 'n vol teater. Zuma is die vorige dag oorsee om die koningin van Engeland te ontmoet en Tannie Evita gaan nie doekies hieroor omdraai nie.

Waarom 'n kookboek? "Hoe gereeld sit 'n gesin deesdae om dieselfde tafel? Almal is in verskillende kamers besig om te YouTube," vertel hy.

Evita meen dat haar kookkuns genoeg is om selfs die mees ongemaklike aansit in 'n fees te omskep en die boek is vol staaltjies uit haar kleurryke geskiedenis – van haar verhouding met Pik Botha tot die dag toe Michael Jackson kom aanklop het en haar man, Oom Hasie, hom as 'n skollie weggejaag het.

Sowat 15% van die prys van elke eksemplaar gaan ook na die Darling Trust, wat deur Uys op die been gebring is.

Die Trust poog om veral jongmense op dié plattelandse dorpie nuwe hoop te gee deur 'n verskeidenheid gemeenskapsprojekte.

Anders as die meeste kookboeke, kan jy hierdie een ver van die kombuis ook geniet. Die voorwoord deur Sophia Loren sowel as staaltjies oor Evita se unieke lewe oor die afgelope 75 jaar sorg vir vermaak selfs vir dié wat nie sonder begeleiding in die kombuis kom nie.

Die voorbladomhulsel is 'n plakkaat van Evita aan tafel saam met haar uitgebreide gesin, insluitend haar seun De Kock en sy "vriend" Moff de Bruyn en 'n swart vrou oor wie Evita nie seker was nie. "Sy het hier ingestap en ek het haar maar laat aansit – wie weet, netnou is dit een van die Mevrou Zumas."

In sy vertoning is Uys oudergewoonte vlymskerp. "Evita het nie 'n tikkie ironie nie. As jy vir haar lag, sal sy jou geamuseerd aankyk en wonder waarom," vertel Uys.


Die karakter laat hom toe om dinge te sê wat hy nooit anders sou kon nie, en haar vertoning is gelaai met sêgoed wat jou sal laat skaterlag – terwyl jy oor jou skouer kyk.

Soos wanneer Evita, namens die Afrikaners, om verskoning vra vir apartheid: "*We are sorry*," sê sy in Engels, sodat die een Britse joernalis in die gehoor ook kan notas neem, "*we are sorry that apartheid didn't work*."

Soos jy kan verwag, is Zuma natuurlik gereeld in haar spervuur. "Ek kan net hoop die koningin het haar kamer gesluit," is haar reaksie oor Zuma se oorslaap by Buckingham Paleis.

Uys glimlag net wanneer ek hom vra oor sy verhouding met hierdie stoere Afrikanervrou waarmee hy al sy lewe lank saamleef.

"Ek is die moffieseun wat moet seker maak dat mamma goed lyk," spot hy. "Almal het so 'n ma, of 'n tannie, of 'n ouma – iemand wat dinge kwytraak sonder 'n tikkie ironie."



**DIE MAN AGTER DIE VOLKSMOEDER** Pieter-Dirk Uys was baie bedrywig by vanjaar se Woordfees. Buiten 'n kookboekvrystelling en 'n kunsuitstalling moes hy ook die susters Evita Bezuidenhout en Bambi Kellerman op die verhoog vertolk. **Foto: JOHANN SWART**

Asof 'n kookboek en 'n verhoogvertoning nie genoeg is nie, pronk Tannie Evita se gesig ook in die styl van verskeie bekende kunstenaars in die Sasol Kunsmuseum. Stel jou voor: Evita soos geskilder deur Rembrandt, Van Gogh, Andy Warhol en ander bekendes.

Bezuidenhout vertrek binnekort saam met haar "drywer", Uys, terug na Darling waar Evita haar Perron beman. Of is dit bevrou?

Indien jy haar vertonings misgeloop het, nooi Uys jou saam Darling toe om te kom kuier en 'n vertoning en dalk selfs 'n paar koeksisters te kom geniet.






Yasmina Reza se bekroonde toneelstuk *Art* is tot 13 Maart in die HB Thomteater te sien. Marthinus Basson behartig die regie. Wessel Pretorius, Christiaan Olwagen en Wilhelm van der Walt vertolk die hoofrolle. Studentekaartjies kos R30.

Arcade presents **Flava Flave** at The Mystic Boer on Thursday 11 March. The crunking starts at 21:00 and entrace will cost you R20.

**Ryno Velvet** is op Donderdag 11 Maart in Bohemia te siene. Hy word bygestaan deur Basson Laubscher & The Violent Free Peace. Toegang is gratis.

**deejtea vs The Suspect** will go down at The Mystic Boer on Friday 12 March. Half price cover charge before 23:00.

**Die Canticum Novum-koor en die Universiteit Stellenbosch Simfonieorkes** span kragte saam vir 'n uitvoering van Mozart se Requiem. Dit vind op Vrydag 12 Maart en Saterdag 13 Maart om 20:00 in die Endlersaal plaas. Die soliste is Vanessa Tait-Jones (sopraan), Minette du Toit-Pearce (alt), Willem Bester (tenoor) en Barend van der Westhuizen (bas). Kaartjies kos R75 en R95.

**Joint State and Youth** will be kicking out some serious jams at The Mystic Boer's Band Battle on Saturday 13 March at 21:30.

Blues-rock maestro **Dan Patlansky** will be doing his thing at Klein Libertas on Saturday 13 March at 20:30. Tickets cost R90.

This year's **Spier Contemporary Exhibition** opens in the Cape Town City Hall on Sunday 14 March. Artists featured at this year's event include Nadine Hutton, Nkosinathi Ngulube, Matthew Hindley and Richard Lestatsi Bollers.

**Hot Water** speel op Donderdag 18 Maart om 21:00 in Bohemia. Toegang is mahala.

Folk pianist **Luna Paige** will perform at Klein Libertas on Friday 19 March. The tunes start at 19:00 and tickets are R50 for students.

Jazz *band* **ESP** speel op Vrydag 19 Maart om 19:00 by die Lucky Store.

The **Genova Dmitrov Duo** will perform in the Endler Hall at 20:00 on Monday 22 March. Tickets cost R65 and R85.

Athol Fugard se toneelstuk ***Victoria*** begin op Dinsdag 23 Maart by die HB Thomteater. Elke opvoering begin stiptelik om 20:00. Zoettje Hofmeyr is die regisseur.

Die akteurs is Pierre Nelson, Simone Benjamin en Ruan Cornelissen. Kaartjies kos R30 vir studente.

**Isochronous** will be playing at Bohemia on Thursday 25 March at 21:00. Entrance is free.

**The Sleepers, The Ragdolls en ander *bands*** sal op Vrydag 26 Maart sorg vir lekker rock *tunes* by Klein Libertas. Die musiek begin om 19:00.

**The Jester and NoiseAnomalie** are celebrating their birthdays at Aandklas on Saturday 27 March by mixing up some serious psychedelic rhythms. The tunes start at 19:00 and tickets cost R20.

Die Universiteit Stellenbosch Simfoniese Blaas-Ensemble (onder leiding van Pamela Kierman) en die Stellenbosch Jazz-Orkes (onder leiding van Felicia Lesch) span kragte saam vir die **Band Extravaganza** in die Endlersaal. Die Band Extravaganza vind op Saterdag 27 Maart plaas. Die musiek begin om 20:00 en kaartjies kos R75 en R95.

**The KEMUS ensemble and pianist Daan Vandewalle** can be seen in the Fismer Hall at 16:30 on Sunday 28 March. Tickets cost R65 ad R85.

# Woordfees




**LIFE IS A CABARET** Niël Rademan displayed his impressive range of musical talents in the Fismer Hall on Friday 5 March. **Photo: VANESSA SMEETS**



**REISE DEUR MUSIEK** In *Baby, as ek verby ry*, wat op Vrydag 5 Maart in die Fismersaal plaasgevind het, het die nimlike Dana Snyman die gehoor met stories oor sy reise oor die land vermaak terwyl Klopjag sy stories met hul musiek gepunktueer het. Hier is Snyman (links) en John-Henry Opperman van die *band*. **Foto: JOHANN SWART**

### Rademan takes genre back to its roots

## Classic Cabaret

**HEIN SCHOLTZ**

Niël Rademan is an old Matie who just cannot be ignored. His powerful voice was evident at his recent show at the Woordfees, *Klassiek tot Kabaret*, with Winand Grundling and Johann Enslin of C2C flanking him with pianos and gusto.

This show brings to the fore the truth and irony of war and aggression.

Born in Heidelberg in the Cape, he grew up on a farm and went to Stellenbosch with a clear plan of advancing specific skills to help him hone his message.

"I didn't do the drama degree, like most people would assume. I did my BA but I had drama subject electives because I felt that at that time, it was the best way to learn and express myself," he said in between shows on Friday.

Speaking to him about his performance at the Woordfees and his love of cabaret, one immediately senses his love of using his voice to entertain and instill several layers of meaning.

"You see, many people underestimate the power of cabaret as a tool for commentary," he muses.

He talks about the origin of cabaret, where a lack of free press and open discourse in the early twentieth century forced poets, actors and musicians in Europe to work together to bring messages of hope, reflections of analysis and sharp jabs of sarcasm and irony to the unassuming and uninformed public.

"Cabaret is the iron fist laced with the velvet glove," he smiles knowingly.

**"Cabaret is the iron fist laced with the velvet glove"**

Niël's *Klassiek tot Kabaret*, which took place in the Fismer Hall on Friday 5 March, had the entire audience hanging on his every word, sung to perfection, emoted with every enunciation.

Switching from English to German to French and Afrikaans, Rademan used familiar songs like "Where Have All The Flowers Gone", "Ne Me Quitte Pas" and well as "Wilkommen" from *Cabaret* to illustrate the senselessness of war and the universal longing for peace.

Niël has been an avid contributor to the Woordfees since its inception and, considering the standing ovation that he and his pianist cohorts received after their performance on Friday, he just might stay on for a little while longer.

GO-GETTERS!!!

- Promotional work
- R 12000 + bonuses
- No experience needed
- Own car essential

Call Clive 021 903 0656




**JEAN JORDAAN**

EK KON reeds 5km van Nekkies af die *vibe* ruik en op my tong proe. Dit lug was vol afwagting, opgewondenheid en hitte. Hitte van die son en van mense se lywe wat reeds die RAMfest-*vibe* begin uitstuur het vir die res van Su[illegible]ka om in te asem.

Hierdie jaar het RAMfest uit vier gedeeltes bestaan. Daar was die *main* en *metal stage*, die *Voodoo Beach party* by die rivier en die *electro dome* waar DJ's *crazy beats* ge*spin* het. Oral was mense.

Die Vrydagaand het Kidofdoom, Fokofpolisiekar en Yesterday's Pupil verseker geregeer. Die Bellville-bende het oudergewoonte 'n *huge* gehoor getrek wat al die *songs* saam gesing het.

Francois het sy *A-game* gebring en die res het net in plek geval. Oorlog Frankenstein het ook 'n verskyning gemaak en "Dans, Dans, Dans" gesing en die hele *crowd* het mal geraak.

Jack Parow het Saterdag die *main stage* oopgemaak, met 'n *crowd* wat aan sy lippe gehang het. Die een groot teleurstelling dié jaar was die mense wat vir die *Air Guitar Championships* ingeskryf het. Geeneen van hulle het naby die talente van verlede jaar se inskrywings gekom nie.

Desmond and the Tutus en Isochronous het verseker die pas aangegee vir Saterdagaand se *line up*. Hul *feel good songs* het almal se mood reggekry vir die drie *main acts* van die aand.

Lark was weereens foutloos. Inge Beckmann het die stem van 'n bo-natuurlike wese. Haar *performance* was, soos altyd, onbeskryflik goed. Ná hulle was dit die BOO!-reünie.

Chris Chameleon het die stage in *high heels* en 'n pienk broek betree met die *crowd* wat gedurende hul *gig* die hele tyd ge*boo* het. Die drie manne het verseker geweet hoe om die *crowd* aan hul kant te kry.

Nie net was die musiek en *vocals awesome* nie, maar die hele *act* wat hulle opgesit het, het bygedra tot een van die beste *live* vertonings wat ek al ooit gesien het.

Die hoogtepunt van die aand was natuurlik die klanke van Pendulum. Niemand in die *crowd* het stilgestaan nie; almal het gedans.

Die Sondag het vir 'n teleurstelling gesorg omdat The Rudimentals as gevolg van mediese redes nie hul *set* kon speel nie, maar *bands* soos 7th Son en Tidal Waves het *Rammers* tot aan die einde laat dans.

Daar was selfs 'n klein stofwolkie toe Tidal Waves "Lekker Lekker Dans" gespeel het. Hulle was die laaste band wat by RAMfest gespeel het en het dit verseker op 'n hoë noot afgesluit.

## Chatting to new band The Monroes

**MARINETTE POTGIETER**

IF YOU are one of those people who have a collection of all the best music in South Africa, but don't know who The Monroes are, you haven't seen anything yet.

Ryan Howell (vocals), Sid Webster (guitar), Klement McCoy (bass), Kenny Valentine (guitar) and Miguel Loureiro (drums) make up this extraordinary band.

They recently played their first festival and could not have asked for a better one.

They graced the ears of everyone at the RAMfest and greatly broadened their fan base.

Their first music video for their debut single "Peter Pumpkin Had a Tumour" recently aired on MK and sky-rocketed the career of this melodic hard-rock band.

*Die Matie* spoke to these guys and asked them a couple of questions about their music.

**Where are you from and how did the band start?**

We are mostly from Pretoria, but Klement is from Krugersdorp and Miguel is from Edenvale. Kenny and Sid did numerous auditions and the band formed over a period of 6 months.

Ryan we picked up in the Junkmail, and Miguel was browsing porn when he stumbled upon the ad. Klement joined shortly after.

**How would you describe your music?**

We can't answer this question while sober... Uhm... Uhm... Maybe you should go listen to it yourself.

**What are your plans for the future regarding albums, videos, etc?**

We are getting our sh*t together for our debut album. We will take it from there. Hopefully we can do another video soon: it's a lot of fun, we would love to do that everyday.

**Do you have any advice for upcoming bands?**

Don't start a band with your buddies. Remember, it's a business. Focus on the music and if you are not willing or capable to put in 100%, rather leave it and get yourself an 8 to 5 job.

If you put enough effort into your music, the rest will soon follow. And never ask your buddies for criticism; they will tell you that it is great even though it's not, and that doesn't help.



# Die 'stout kind' gesels

**Jy gee óf vir 'n ding om, óf jy gee nie vir hom om nie. As jy nie vir hom omgee nie, moet jy hom verloor. En dan sal dit jóú verlies wees... As Afrikaans skade opdoen, is dit niemand anders se skuld behalwe ons s'n nie. Dis nie die staat se skuld nie, dis nie die universiteitsowerhede se skuld nie, dis nie die weer se skuld nie.**



**KWYTRAAK**

Marietjie Vos

My gesprek met Petra Müller begin waar ek wegval en haar vra wat sy daarvan dink dat 'n bekende radio-persoonlikheid haar onlangs die "Moederowerste van die Afrikaanse kortverhaal" genoem het. Ek is nie eers halfpad deur die vraag voor sy my in die rede val nie.

"Ag, los dit maar eerder. Cas van Rensburg het my gisteraand 'n stout kind genoem. Dis 'n beter begin."

### Die Overberg

Ek vra uit oor die Overbergse herkoms wat sy met ander groot Afrikaanse skrywers deel, en sy vertel dat MER net aan die ander kant van die kop gewoon het waar sy wat Petra is in haar tyd op Swellendam gewoon het. "Ek het elke dag gestap, elke dag van my lewe. Ons kon dit destyds doen: alleen in die veld stap. En dan't ek somtyds vir Ta' Miem daar gekry, op haar eie, soos 'n ou groot, lang reier in die fynbos. Sy't soontoe gegaan om alleen te skryf."

Vir haar eie skryfwerk, sê die elegante vrou in die sonrok voor my, is die ritmiese bestaan van die graanwêreld waar sy vandaan kom, belangrik. "Jy's gedurig bewus van die seisoene op 'n plaas, byvoorbeeld. Jy dink sikliés."

Volgens haar het die Overbergse skrywers 'n baie spesifieke geaardheid. "'n Geaardheid wat vooruitkyk na die oes wat sal kom, maar gedurig onthou van die oes wat was, en dit gee 'n sekere bestendigheid aan die skryfgebeure. Die vorige geslagte is altyd teenwoordig."

Sy praat oor 'n Overberger wat nie altyd by die ander getel word nie, al verdien hy dit beslis. "Ou Con Viljee se heimatsketse is wêreldgoed. Hulle's so goed soos die beste wat jy in ander tale kry, hoor. Hy het dit self geweet." Ek giggel. "Maar sy lesers het dit nie altyd geweet nie. Hy was 'n Stellenbosser, nè. En hý was vir jou 'n stout kind. Hy was die grootste stoutste kind wat daar nog uit die Overberg gekom het."

### Pryse en die skrywer

"Verskriklik," antwoord hierdie Hertzog-pryswenner (vir *Die aandag van jou oë* in 2005) onmiddellik as ek vra of daar 'n gevaar verbonde is aan pryse en lofgesange. "Jy moet hulle nét nie begin glo nie.

"Mense kry 'n neiging om 'n digter as iets buitengewoon te beskou. Hulle kom na jou toe aan en dan sê hulle vir jou: 'A! Is dit nou die digter?' Niemand is in die eerste plek 'n digter nie. Hy mag dit, as hy gelukkig is, in die laaste plek wees. Kyk, die digter het mos nou te doen met die héél laaste ding. Mense dink digters is mense wat rondloop met hul koppe in die wolke. Die digter is die groot realis."

Sy sê dat sy vroeër nooit sou kon sê of kortverhale of gedigte haar die naaste aan die hart lê nie. "Ek het so 'n geweldige respek vir die poësie. Elke goeie gedig was vir my 'n bedevaart. Ek het nooit gedink ék kan gedigte skryf nie. Maar ek het met verhale begin, en dit was vir my heeltemal natuurlik, want ek het daai vehale aanmekaar gehoor – ek het net gaan sit en hulle neergeskryf. My ma kon dit ook doen. Haar briewe is gehele relase van 'n werf se gebeurtenisse."

Sy het haar eerste storie gepubliseer toe sy student op Stellenbosch was. "Stories was niks snaaks nie. Ek het eers later daaraan begin te dink om van my gedigte te publiseer. Eers heelwat later – eers toe ek hier 38, 40 was. En ek het toe uitgevind dat dit lankal 'n deel van my lewe is."

Petra was joernalis by *Die Burger*, Verhaleredakteur by *Sarie*, en het by Tafelberg-Uitgewers gewerk toe sy begin gedigte publiseer het. "Dáár is ek baie vinnig geslyp, deur kenners. Dit is ook baie vinnig aan my duidelik gemaak wat ek nié weet nie."

### Engelse skryfwerk

*Night Crossing*, 'n bundel Engelse gedigte, het in 2006 verskyn. Ek wonder of sy anders werk as sy Engels skryf. "Ek het iets van die kraai in my. Jy weet, die kraai maak mos dinge na. As ek in die geselskap van Engelse is, begin ek heeltemal natuurlik in Engels skrywe. As ek weer by my eie mense is en ek hoor Afrikaans, dan skryf ek Afrikaans. As ek Engelse gedigte skryf, laat ek my baie meer lei deur die mense wat dit lees, as met Afrikaans.

"Ek dink ek het mettertyd 'n redelike insae gekry in my Afrikaanse poësie. 'n Digter is glad nie eintlik die een wat die beste insae in sy eie werk het nie; glád nie. Hy het 'n ander nodig. Ek was gelukkig. Ek het 'n kundige gehad, by name Charles Fryer, wat na my mening die beste letterkundige was wat ek ooit teëgekom het."

### Die toekoms

Ek vra haar uit oor nuwe werk wat haar opgewonde maak. "Kyk, ons Afrikaanse digkuns het nogal 'n heel aansienlike verandering ondergaan oor die afgelope, sê maar, vyf na agt jaar. En interessant genoeg was ek op 'n manier deel daarvan, want die uitgewer waar ek destyds gewerk het, en ek sê dit nou skaamteloos, het die beste jong Afrikaanse digters uitgegee. En daai manuskripte het eerste by mý aangekom. En glo vir my, om 'n digmanuskrip oop te maak en te besef: hier voor jou is 'n onbekende ding ... is die grootste *kick* wat daar onder die son kan wees.

"Daar is baie aansienlike jong digters. Ek beskou Charl-Pierre Naudé as 'n baie belangrike jong digter. Die klem het verskuiwe van die oor na die oog toe. Die musikale komponent van die Afrikaanse jong digterskap het dieper gaan lê. Daar kom ander dinge na vore: dis meer 'n poësie van denke."

Sy werk self tans aan "'n ingewikkelde stuk werk" wat haar "werklik uitdaag". Sy glimlag: "Het jy geweet? Hou ouer jy word, hoe meer tyd het jy."

### Afrikaans

Wat van Afrikaans? vra ek. Ons voer immers hierdie gesprek op Stellenbosch in die tyd van die groot taaldebatte. Wat gaan van die letterkunde word as Afrikaans sy hoër funksies verloor?

"O gits, maar dáái vraag kan ek nie beantwoord nie!" roep sy uit, maar dan gaan sy tog aan. "As dit gebeur, sal dit niemand anders se skuld wees behalwe ons almal s'n nie. Jy gee óf vir 'n ding om, óf jy gee nie vir hom om nie. As jy nie vir hom omgee nie, moet jy hom verloor. En dan sal dit jóú verlies wees. Ek sal bly wees as jy daar skryf: As Afrikaans skade opdoen, is dit niemand anders se skuld behalwe ons s'n nie. Dis nie die staat se skuld nie, dis nie die universiteitsowerhede se skuld nie, dis nie die weer se skuld nie."

Foto: JOHANN SWART

# Accept responsibility for your own hangover



**STUDENT FORUM**

Mathew Smorenburg

So after being offered the opinion column for the first time and while still feeling the glow of flattery that comes from being offered a soap box and no apparent limit on topic, I began diligently looking for an issue that desperately needed my opinion added. Apparently, the reason I was chosen was the editorial team were out of ideas and people, especially given the best suggestion of topic being the devastating effects of Woordfees ticket prices. I knew I could do better and promised to submit something full of grammatical errors by Saturday.

Like every essay writer in my position, I have resorted to the much loved literature review and will be doing in on the "interesting" issues raised in the letters section of *Die Burger*, the part I tend to read to feel better about myself as a person. Apart from the usual pre-pride letters regarding homosexuality, which rather unusually have degenerated into a shouting match on the best politically correct terminology (while still using pure Afrikaans), I think the woman, whose two daughters "decided to be lesbian" after hanging out with the wrong crowd at school, is on to something with the term "*vrolik*". That stupidity aside and ignoring the public mudslinging by members of the faculty regarding the language issue, dispelling the rumours of institutional censorship, the only issue left was the irresponsible, chaotic, rude and lewd, drunk Stellenbosch student.

The charges against students are both plentiful and in many cases, especially in terms of destructive behaviour, completely understandable. The thing that I have yet to understand is the almost uniform conclusion reached by each writer: that the university should do something about it. Due to their apparent frame of reference (which seems to be limited to a 20km radius) they are unable to see that this so-called "excessive drinking culture" is not even a national "phenomenon" but rather an international one with whole websites devoted to the publishing of drunk text messages, sent by American college students. The difference between even UCT and Stellenbosch is that the concentration of students in Stellenbosch is just greater and drunkenness easier to blame on the institution – any under 30 year-old in Stellenbosch is automatically stereotyped as a student and thus the responsibility of the institution.

However, the part often forgotten is that the Stellenbosch student is almost always over the age of 18, legally allowed to vote, drive, drink and fornicate and will be arrested for doing either of the last two in public. They have a first year pass rate way above the national average and do so while most live in private accommodation and with a relative lack of class attendance registers. My involvement with the South African National Universities Debating Council SANUDC has allowed me to examine the institutional support and protection given by most of the universities in South Africa and in my opinion Stellenbosch looks after its students more than any other (especially the USBD who treat students unbelievably well even when the respect is not returned). The responsibility lies elsewhere.

The thing that irritates me about this entire debate is not its existence but the delusional views that many of the peanut gallery hold and the fact that this is particularly prevalent under parents of students. Firstly, while you complain about the irresponsibility of students (while excluding your own) let me introduce you to your little darling: Your son/daughter's first drunken experience was probably way before matric rage and despite your ability to notice the aftermath and their conviction to never drink again they have, did and will. When they tell you, at Sunday morning brunch, that they did not know that the punch at last night's *huisdans* was alcoholic, despite the taste or the amount they would have had to drink (regardless of their alcohol tolerance levels) to look the way they do, 99 out of 100 times they are lying though their vomit-flecked teeth – that or your child has an incurable case of utter stupidity. Either way it's your fault, ás you have raised a child who is too cowardly to stand up and accept responsibility for their actions or even identify possible consequences for their actions, or they know you are just that gullible.

As for my fellow student, by all means go big, but realise that whatever happens, you are the person who will have to live with the hangover or worse. Be man/woman enough to stop lying to your parents and maybe then they will stop demanding access to your Mymaties.com to check up on you, and "accidentally" starting the timer on chemistry tut tests on Webstudies in a desperate effort to see that you're doing your work. That said, you will need to excuse me now, I have to go deal with a rather bad case of wine-flu before the weekly call from mommy.

– Smorenburg pretends to be a Post Grad student and enjoys shattering rainbows and hunting unicorns in his free time.

Die menings in hierdie rubriek is nie noodwendig dié van die koerant, die redakteur of enige lid van die redaksie nie. | *The opinions expressed in this column are not necessarily those of this newspaper, its editor, or any member of its staff.*

# redaksioneel

## Media en polisie het verpligting teenoor samelewing

Die polisie is die beskermheer van openbare belang en is verantwoordelik vir die handhawing van vrede en orde.

Is dit die polisie se taak en val dit in hul bevoegdheid om 'n kamera "hardhandig" af te neem wanneer 'n gebou brand? Let wel, daar was geen afgebakende gebied nie.

My logika sê vir my dit is nie regverdig nie en nie in die openbare belang nie. Veral nie wanneer jy 'n koerantfotograaf se kamera afvat omdat hy nie op 'n misdaadtoneel mag foto's neem nie. Dít terwyl hy tussen die toeskouers staan. As dit dan kamtig 'n misdaadtoneel is, hoekom is die gebied nie afgebaken nie?

'n Koerant (soos *Die Matie*) is daar om sy lesers ingelig te hou. Dit sluit inligting oor brandende geboue in. As dit visueel van aard kan wees, soveel te beter.

'n Mens kan verstaan as die polisie sê fotograwe en toeskouers mag slegs tot op 'n sekere punt kom en dan nie verder nie, maar daar sal gewoonlik 'n afbakening van 'n aard wees.

Dit was nié die geval toe The Brazen Head verlede week gebrand het nie.

Hoe ver kan die polisie gaan om 'n beperking te plaas op iemand wat besig is om sy werk te doen? Hoe onredelik mag die polisie onder sulke omstandighede wees?

Die polisie mag onredelik optree en beperkings op mense se doen en late plaas, mits dit in die gegewe situasie geregverdig is. En die doel moet wees om vrede en orde te handhaaf en die openbare belang te beskerm. Hierdie beperking mag ook nie onnodig lank duur nie.

Die optrede van die polisie teenoor een van *Die Matie* se fotograwe verlede week by die brand weerspreek die doel en taak van die polisie.

Ek twyfel of enigiemand dit kan regverdig dat om in die straat by ander toeskouers te staan en foto's neem onregmatig is. (Dit was die polisie se rede vir hulle optrede.)

En moenie dat ons vergeet van twee jaar gelede se klopjagte waar die polisie ook heeltemal onvanpas opgetree het nie. Hoe ver is te ver? Hoe lank gaan die polisie se "verkeerde" optrede nog geduld word?

Nes die polisie het die media ook 'n verpligting teenoor die samelewing: om hulle in te lig. Hoekom moet die polisie téén ons werk eerder as om saam met ons te werk?

# BRIEWE LETTERS

### The small things

Although a senior Matie, I recently started attending class with first years after starting a new course.

One thing which has clearly stood out in this experience is how little has been done to fix small problems around campus since I first arrived here as a first year back in 2006. For instance, in almost all of the large lecture venues where I attend class (namely the RW Wilcocks, GG Cillié and Arts & Social Sciences building) there are still problems with microphones that seem incapable of working for more than 30 minutes at a time. This leads to an almost daily interruption of classes as lecturers are left without a means to communicate their material and are sometimes left shouting for the remainder of the period. Furthermore, the overhead projectors in the RW Wilcocks seem to have a mind of their own and simply shut down whenever the feeling takes them.

These complaints might sound trivial to some, but it is in fact these problems which are trivial. If this was an impoverished school in the rural parts of our country, such petty problems could at least be understood if not condoned.

One must also contemplate what affect this has on the academic performance of first years whose high dropout rate is a familiar fact on campus. For it is after all their classes that are mostly held in these large venues and, as such, their lectures constantly being hampered by these small, yet greatly annoying problems.

Naturally, there are many factors that deserve consideration when dealing with a problem such as Stellenbosch's high first year dropout rate. One can, in addition, only admire the various initiatives undertaken thus far by this institution's management to try and solve this matter. Nonetheless, I feel one must consider the possibility of whether at least part of the problem here is also a trivial one.

– BERTUS SNYMAN

### Paper Cut

I would like to refer to a letter that appeared in *Die Matie* on 24 February, namely "Take a page out of my book". I am a second year student studying BA Development and Environment and (although I am not repeating any first year subjects) I would like to attempt to set the record straight regarding Mr Woodstock's perception of paper production. Woodstock claimed that trees used in the production of paper are "a threatened precious commodity".

South African paper is produced from two species of pine, *Pinus patula* and *Pinus elliottii*. These species are neither precious nor threatened as claimed. Most of these pine trees are planted by Mondi and Sappi, both of which have extensive plantations in Kwa-Zulu Natal and the Eastern Cape for the specific purpose of supplying pulp to the paper industry. No trees endemic to South Africa are used in this process as they do not meet the requirements for paper production. Basing an ecological argument on the concept of "making paper is killing trees, ergo it harms the environment" is simply bad logic.

If Woodstock was genuinely concerned with the environment then my learned friend would be more concerned with the processes involved in the making of new paper and the recycling of used paper. Furthermore I agree that all RGAs should have printers that print double-sidedly like the ones in NARGA. However, this is for my own convenience as it would lighten my backpack substantially. Lastly I would like to add that belittling first years for a mistake that according to Woodstock they are unaware of making does not seem the correct way of educating them.

– J BESTER

### Alles net sakebeginsels

Die tande wys al weer om Die Taal op kampus. Die argumente neem allerhande uitgangspunte aan, maar daar is eintlik net een werklik grondige uitgangspunt: Die kliëntebasis van die universiteit. Politiekery kan maar ter syde staan. Ná wetgewers sal die finansiers die eerste aanspraak hê op die doen en late van die universiteit. 'n Mens sou sinies kon aanvoer dat finansiers selfs die wetgewers aan die oor sleep as dit daarop aankom.

Die kliënte van die universiteit is meestal Afrikaanssprekend – in die verlede, op hierdie stadium en in die nabye toekoms. Dit is bloot logies dat die universiteit die kliënte met die nodige respek hanteer en lewer volgens die wens van die kliënt. Dis eenvoudige sakebeginsels. 'n Mens sou dink die hogere lui in die marmergange van Admin A-Z sal die beginsels goed ken en op die hart dra. Alles anders rondom die taalgeskil is gekkigheid en selfbedrog. Nog erger: Dis swak sakebenadering en kan net lei tot die ondermyning van die instelling as 'n onderneming.

Of dalk ly die hogere lui nog aan die ou Afrikaner gedragsiekte van patriagale hovaardigheid – daardie dierbare Calvinistiese tradisie van kragdadige topdown "ek het gepraat!" Nè? Dan wonder 'n mens nog hoekom UCT die Universiteit al jare lank op soveel gebiede klop (behalwe rugby), veral as dit by navorsingsuitsette kom. Dis waarskynlik nie omdat hulle Engels as voertaal het nie.

We're not gonna take it anymore!

– JP BARNARD

Briewe mag nie langer as 400 woorde wees nie en moet teen die Vrydag voor elke uitgawe aan briewe@diematie.sun.ac.za gestuur word. Skrywers se regte name moet alle briewe vergesel, selfs dié wat onder skuilname geplaas word. Geen handgeskrewe briewe sal geplaas word nie.

*Letters should not be longer than 400 words and must be sent to briewe@diematie.sun.ac.za by the Friday before the next edition. Writers' real names must accompany all letters, even those published under a pseudonym. No hand-written letters will be published.*




**GEBREKKIGE BELANGSTELLING** Die Mej Matieland-kompetisie is onlangs as gevolg van swak kaartjieverkope en gebrekkige belangstelling afgestel.


**HOOFREDAKSIE**

**HOOFREDAKTEUR** Annelize Kloppers (redakteur@diematie.sun.ac.za) **ADJUNKREDAKTEURS** Marietjie Vos (inhoud@diematie.sun.ac.za), Roann Louw (grafika@diematie.sun.ac.za), Marietha Brits (bedryf@diematie.sun.ac.za) **NUUS** Anthea Hartzenberg (nuus@diematie.sun.ac.za) **AKTUEEL** Anika Marais (aktueel@diematie.sun.ac.za) **DAG EN NAG** Robert Kaden (dn@diematie.sun.ac.za) **STUDENTELEWE** Joey Volschenk (sl@diematie.sun.ac.za) **SPORT** Mia Smit (sport@diematie.sun.ac.za) **TEKS** Vakant (teks@diematie.sun.ac.za) **FOTO** Johann Swart (foto@diematie.sun.ac.za) **ADVERTENSIES** Vakant (ads@diematie.sun.ac.za) **REKENAAR** Simon de la Rouviere (it@diematie.sun.ac.za)

**MEDEWERKERS**

**KWYTRAAK** Marietjie Vos (kwytraak@diematie.sun.ac.za) **CARBON COPY** Ryan Hartley (carboncopy@diematie.sun.ac.za) **HALFPRYS** Elana Esterhuyse (halfprys@diematie.sun.ac.za) **SPOTPRENT** Vakant (spotprent@diematie.sun.ac.za) **ADDISIONELE GRAFIKA** www.sxc.hu **TEKS** Lizl Morden en Madelé du Plessis


**STEL JY BELANG?**

As jy as joernalis, taalversorger, grafiese ontwerper, advertensiewerwer, fotograaf of rekenaarassistent betrokke wil raak, woon gerus 'n redaksievergadering by op die Woensdag waarop *Die Matie* verskyn. Ons vergader om 18:30 in ons kantoor op die eerste vloer van die Neelsie.


**TEL** 021 808 3539 **FAKS** 021 808 3538 **E-POS** diematie@diematie.sun.ac.za
**POSADRES** Langenhoven Studentesentrum, Privaatsak X1, Universiteit Stellenbosch, Matieland, 7602
**WEBADRES** www.sun.ac.za/diematie **OPLAAG** 8 000
**VOLGENDE UITGAWE** 31 Maart 2010 **SPERDATUM** 24 Maart 2010
**ADVERTENSIES** 084 858 9902


**KLAGTEPROSEDURE EN FOUTRAPPORTERING**

Indien enige leser 'n klagte het dat *Die Matie* nie op 'n ewewigtige, eerlike en objektiewe wyse rapporteer nie, of dink dat menings uitgespreek in *Die Matie* nie godsdienstige en kulturele sake met omsigtigheid hanteer nie, kan 'n klag by die SR-lid vir Media gelê word. *Die Matie* is onderhewig aan 'n gedragskode wat by die SR-lid vir Media beskikbaar is. Alle klagtes word deur 'n regsdosent ondersoek, waarna *Die Matie* voor die Mediaraad kan verskyn. Klagtes moet ingevolge die Mediareglement binne tien werksdae ná publikasie aanhangig gemaak word.

*Die Matie* subscribes to the South African Press Code that prescribes news that is truthful, accurate, fair and balanced. If we don't live up to the code, please contact the Press Ombudsman at 011 788 4837. You may also lodge an internal complaint or report factual errors by contacting the SRC member for Media and following the procedure explained on the left.

Press Council

# Perspektiewe & dinge

## Defending Jacob Zuma against the British



CARBON COPY

We are now a little more than one-sixth of the way through 2010 and with only ninety-two days to go before the Soccer World Cup finally begins it appears that we are living in the future we've been dreaming of for the past five years. But what do we see around us? Are there any robots? Are there any sentient computers? Are there any mysterious, black obelisks standing forbiddingly over the landscape? Most importantly, are there any flying cars? No. There's none of that.

As much as we'd like to think that we're living in a shiny, future world, we're actually living in a second-hand one, built from the debris of the past and held together by the masking-tape of our self-deception. Sure, we have a whole lot of fancy technological things like cellphones or instant coffee and a lot of people think the internet is showing some promise, but I won't be happy that we've arrived in the future until I see some flying cars.

So far, all my expectations about living in the 21st century have remained steadfastly unmet. If North and South Korea don't end up playing each other in the World Cup, none of my dreams for 2010 will have come true.

Last week the British people were rudely awakened from their dreams of living in the future, when they had to deal with the arrival of our polygamist president upon their wintry shore. Many were surprised that there still existed this (in their minds) clearly outdated marital practice which I'm sure they believe should only be seen in history books or television series about Mormons.

Now being surprised is one thing (and something that in our multicultural world is fairly common), but being downright offensive is another. The British Newspaper reacted to JZ's visit with scathing headlines and abusive commentary, reacting in horror to his many wives and machine gun-themed sing-a-longs. The Daily Mail went so far as to call him a "vile buffoon" and "a sex-obsessed bigot." Those are rough words. And from the British. I used to think of them as fairly comic characters: They were once a nation that sailed around the world bringing tea and cricket to people who would rather have been left alone and allowed to keep their minerals, land, children and basic human dignity. (Actually, that's not entirely fair: they also brought with them basic infrastructure and smallpox.) And now they are a nation that sits at home and watches Britain's Got Talent and eats packets of crisps and looks pale and has bad teeth. Obviously my assessment was incorrect. These are obviously mean and vindictive people.

**Have we ever called [Gordon Brown] the Most Boring Man in Britain and likened his personality to that of week-old haggis?**

I know that a lot of local newspapers said some fairly unflattering things about Mr Zuma over the past few years, but we're allowed to do that because he's our president. Have we ever made fun of Gordon Brown? Have we ever called him the Most Boring Man in Britain and likened his personality to that of week-old haggis? Well … uhm … yes. But only because our president is really exciting with all his singing and dancing and making children. I don't think it's fair for a country with a Queen to complain about our president being old-fashioned; that's very much a case of the pot calling the kettle anachronistic.

And it's not like his polygamy even affects them. He only took one wife with him, so it's not as if Buckingham Palace had to rush out to buy more place settings. Still, we have to put up with this vehement attack upon our country's leader.


Not that I'm too worried about Jacob taking these terrible things to heart; before he became the prez people were saying things about him that would have made the man from the Daily Mail blush and try to block the ears of his loved ones so that they wouldn't be exposed to the coarseness of the world.

Many expected the reign of Zuma to be one of terror – dark omens in the sky, cats eating dogs, the moon turning to blood, prostitutes on dragons and the like – and yet none of that has come to pass.

When JZ did come to power he seemed to realise that a lot of people really didn't like him and so went out of his way to do as little as possible. Every now and again he'll say something that people want to hear, but then he'll retire away to spend some time with his wives and children, leaving the country largely untouched by the Apocalypse. I guess sometimes it's a good thing when expectations aren't met.

*Yes, I did use the word "anachronistic". Take that,* Taaldebat.

## Hierdie alledaagse gedagtes soos piesangs



HALFPRYS

Sarie is nie jou enigste inspirasie nie. Daar's soveel ander voorwerpe en selfs Idees wat jou uit jou gemaksone kan haal. Ontmoet sommer dan vroeg reeds vir Sophia Leah Anderson van Kamer 89.

Sophia is 'n rare, vermaaklike skepsel. Jy kan haar nie met die eerste oogopslag peil nie. Miskien sal jy haar nooit verstaan nie. Of, wag, jy sál haar nooit verstaan nie. Sy is so anders soos die persoon wat oor piesangs droom. Tog is haar lewensverhaal bra nederig en vertel sy haar geskiedkundige brokkies só dat dit op die ou einde gewoon klink.

Toe sy klein was wou sy 'n dokter word, toe 'n wetenskaplike en toe, in graad 10, moes sy noodgedwonge Wetenskap los omdat "golwe" vir haar 'n te groot golf was. Sy vertel graag hoe sy daardie oomblik waar 'n klastoets 12 uit 50 beteken het, goed onthou. (Vandag nog is sy skepties oor enige plakkers met die "jy kan beter"-boodskap.) Die gedagtes oor dié toetsresultaat, toe almal met hulle dit-was-maklik-gesiggies pouse gaan hou het, is ook haar *favourite* om oor te vertel. Dit was daardie dag, daardie warm, sweterige dag wat sy die besluit gemaak het. Sy sal eerder iets anders wees. Wat presies Sophia wou wees, is nooit in enige storie genoem nie. Die oop-einde "wat 'n mens laat dink" was altyd maar die verskoning wat Sophia gehad het, so asof haar luisteraars 'n raaisel oor haar lot – of miskien hul eie lot – moes uitpluis.

Eergister bring die einste Sophia 'n nota vir my om te lees. Op die nota is, met 'n stomp groen potlood, die volgende geskryf: "Vanoggend. 'n Lang woord om te verklaar wanneer die leë piesangrak my tot 'n *variety pack* van R3,99 die pad in 'n sak laat vat het. 'n Nog langer sin om te verduidelik hoekom 'n lang woord die pit van hierdie (vrug)beginsel is. Mag hierdie kalsium-gedagtes groei tot in lengte van bome, sodat 'n kort sin oor 'n lang woord aan piesangs hulde kan bring. Eendag… Eendag sal jy ook 'n piesang wees."

Met die uittrapslag glimlag sy skaam en haar donkerbruin oë lyk meteens blouerig. Die stoepligte is nuut en nog skerp. Dit is volmaan. Miskien is dit waarom haar voorkoms bedrieglik is. Sy lyk anders. (Wel nie soos 'n piesang nie.)

Saam stap ons tot by haar skedonk van 'n wit Nissan. Op Stellenbosch word alles mos maar deurgetrek. As dit nie is dat die kar met stampe en roes opeindig nie, reguleer dosente jou toekoms met 'n paar kruisies en merkies óór al jou antwoorde wat vir die een of ander rede irrelevant is. 'n Mens kan maar net dankbaar wees as die resultaat nie nul is nie: dankbaar dat dosente baie vir jou selfwaarde omgee.

Sophia maak die kardeur oop en gaan sit só vinnig dat sy bons. Haar kop ruk ook, maar die aksie moet 'n gewoonte wees, want die spieëltjie is alreeds op die regte angle geposisioneer om te verseker dat sy haar lippe kan sien. Sy pers haar lippe saam. Dan, terwyl sy praat, haal sy haar *lipgloss* uit en besmeer sy haar vinger. Die taaierige jellie is soos vingerverf. Die teiken klaarblyklik haar mond en die tissue wat ook al 'n paar merkies van die vorige kere se aanwendingsproses oorgehou het.

Sy draai die volumeknop om duidelikheid oor al die woorde van 'n Johnny Cash *song* te kry. Ook Johnny Cash se asemhaling. En byna sy hartklop.

Omdat die wind te erg waai, draai sy die ruit toe. Die ruit het tydens die hele kuiersessie oopgestaan, want sy het – per ongeluk – vergeet om dit toe te draai. Ons groet mekaar. Sy ry weg.

Die nota het vir lank op die bank gelê. Wil ék eendag 'n piesang wees? Wil ek linte onder my bed hang vir inspirasie se onthalwe? Wil ek honderde woorde uitknip sodat ek dit kan uitgooi en kyk hoe my vloer dan lyk? Sou my raad oor meisie X of ander dinge heelwat gek, van my 'n piesang maak?

Die volgende aand was daar 'n groot gekuier op 'n koshuisklubtafel. Daar was genoeg drank en vrymoedigheid. Terwyl sestien mense in 'n kring 'n Afrikaanse liedjie sing, is daar finaal oor die gedagtes van piesangs gegis.

Homo sapien: pure piesang.

# GORRELKOP

Die skinder agter die nuus. Die waarheid agter kampuspolitiek. Die kommentaar waarvoor almal bang is. Gorrel is nie verantwoordelik vir enige ongerief veroorsaak nie.

### WOORDFEES-WROEGINGE

GORREL sien elke jaar vreeslik uit na die Woordfees. Goeie vertonings, bekende en minder bekende groepe, stimulerende uitstallings en provokerende praatjies – wat meer wil 'n denkende student dan nou hê?

Gorrel kan julle mooi vertel wat meer 'n denkende (en arm, karlose) student wil hê: Goeie *events* wat nie buite die dorp of teen belaglike pryse te sien is nie.

Wynplase is nou baie mooi en alles, maar dit is nie vir vervoerlose studente maklik om by hierdie venues uit te kom nie. *And let's face it,* wynkelders werk ook net tot op 'n punt as konsertsale.

En wie se idee was dit om baie van die interessantste praatjies en besprekings onbekostigbaar te maak? Selfs arm jong studente dink soms na oor die gewigtige onderwerpe wat tydens die fees aangeraak is, so waarom word hulle so effektief daarvan uitgesluit?

Gorrel onthou vaagweg dat van die feesorganiseerders dit al in die verlede herhaaldelik duidelik gemaak het dat studente aangemoedig word om die fees ten volle te geniet.

Nou waarom word daar dan nie meer van Stellenbosch se oorvloed sale en kamers gebruik gemaak nie?

*– Gorrel sê weer: die Woordfees was lekker. Maar dit moet dalk eerder die Stellenbosch-en-omgewing-Woordfees genoem word.*

### JOLIGHEDE

EEN VAN Gorrel se gewilde maatjies het die voorreg gehad om verlede week daardie dekadente instelling genaamd die jaarlikse JOOLbal by te woon.

En wás dit nou 'n affêre! Veral sover dit die spyskaart aanbetref het. Ja, die lamsgereg en tuisgebakte brood was albei treffers, maar die smaaklikheid van die geregte is ongelukkig deur die spyskaartsamesteller se interessante benadering tot spelling oorheers.

*– Gorrel se maatjie meen steeds dit was wys om eerder van die "olywwe" en "pepper room sous" af weg te bly. 'n Mens weet nooit wat kreatiewe spelling aan die maag kan doen nie.*

## kampusquotes

**I should have taken a gap year.**
– Frustrated first year overheard in Fharga at 03:00

**Do not cheat, because I will caught you. I will caught you!**
– Lecturer struggles with the T option while issuing a warning to students before a test

**It's so easy, it feels illegal.**
– Student downloading songs to her phone

**That girl looks like she believes in Die Heuwels Fantasties like I believe in Jesus.**
– Heard at *Geraas innie Gat*

**Survive the Apocalypse?**
– Student's guess at the contents of the university's Vision 2012

**Dis nogal rof daar.**
– Eerlike werknemer oor die US-klagtelyn

**Don't be ridiculous. I'm pretty sure there has never been a naked man within a 2km radius of our res.**
– Female resident expresses her concern at the general moral direction taken on campus

**Believe it or not, but nude drawing is actually boring.**
– Disappointed art student breaks the sad reality to his friends

**Kyk, die Wegraping het gebeur. Ons is nog hier. Shit.**
– Student toe hy om 03:00 ná 'n Woensdagaandkuier verby 'n verlate mop en emmer op die trap loop

*Stuur jou KampusQuotes na quotes@diematie.sun.ac.za*


Nu'Bar Quote van die week

**Jy ruik nogal lekker vir iemand met 'n *wifebeater* aan.**
– Manlike student aan sy vriend wat na 'n rugbywedstryd toe op pad is

www.nubar.co.za

The New
Esquire
bar lounge

LANZERAC HOTEL
1692

Friday Night Extravaganza:

Join us at the new Esquire Bar and Lounge for live music every Friday night. Complimentary drink on arrival and free snacks served between 3pm and 9pm. No cover charge and secure off-street parking.

*Bring your student card and get*

*30% discount*

*on all drinks, 7 days a week!*



matie
Onafhanklike studentekoerant van die Tygerbergkampus

# Residence thefts threat to security


RAISA WESSELS & LIZE DE KLERK

THEFT on campus seems to be a growing trend. Recent discoveries of increasing theft at residences, especially Huis Francie van Zijl and Meerhoff, have spiked security concerns.

During the month of February four students of Meerhoff fell victim to three separate incidents of theft. Two laptops were stolen over the weekend of 5-7 February and on both the 12th and 21st of February a laptop and cell phone were stolen.

In the first two of the three reported cases, the combination locks of the students' bedrooms were broken. In the first incident, the primary security entrance, through which all residents of the block gain access, was kept open by a brick. This was done by one of the residents, according to Mr Moses Ngubane, head of the Tygerberg division of USBD. In the third incident, neither the main entrance to the block nor entry into the student's room required a forced attempt.

Currently there are no suspects. Ngubane however, commented that the thefts are possibly linked to a single person or group. According to him, student conduct such as overriding primary security entrances complicates the investigation considerably as this broadens the pool of possible suspects. Ngubane stated further: "The fact that the third incident took place within 10-15 minutes after the room was left unattended raises suspicion as to possible suspects being individuals familiar with the hostel".



**SECURITY BREACHES ARE A CAUSE OF CONCERN.** After a series of thefts at various residences, students have been warned to keep all their most valuable possessions under heavy chain and lock. Graphic: EDITORIAL

Mr Dony Mathew, Meerhoff HK member: Risk Management, expressed the difficulty in monitoring who enters and exits Meerhoff due to its unique set-up and division into blocks and floors, each with its own entrance. He also explained the HK's efforts to enforce preventative measures in Meerhoff, such as urging residents to lock away their valuables and to lock their doors when they leave their rooms.

The new lanyard system on Tygerberg campus, which requires students to display their student cards for example at campus events, will serve as an added means of protection, according to Mathew. Those who do not comply with the rule or those who cannot present a student card will be escorted off the property. He also described a new initiative where the first years' committee of Meerhoff will conduct a security patrol around Meerhoff during campus events. Any suspicious activity will then be reported to the HK.

Questions have been raised about the squatters who reside next to Meerhoff approximately 10 metres from the border fence. Mathew mentioned the concern surrounding these squatters, but expressed the limitations that exist in trying to resolve the issue. This is the case since unlawful tenants who have resided in an area for more than 48 hours cannot be removed, even by force, until an alternative settlement has been arranged. Grass cutters have been employed to begin clearing the area behind the fence in an effort to increase visibility in that area.

An emergency *huisvergadering* was held at Huis Francie van Zijl on 3 March. At this meeting multiple incidents of theft, including stolen items of clothing, varying amounts of money and the primaria's skeleton key were brought to the fore.

Residents of Huis Francie were advised to lock their doors whenever they leave their rooms. During the meeting the residents voiced their concerns and frustrations, and openly asked whoever the 'thief' was, to return the items.

A police officer of the Parow precinct of the SAPS was present at the meeting. He firmly warned that the case will be investigated and that the SAPS was close to catching the alleged thief.

A few items that have been previously reported as stolen have, since the meeting, been anonymously returned to their owners.

The HK of Huis Francie van Zilj were not available to comment on the matter by the time of going to press.

Ngubane says that collective negligence and a lack of security discipline can certainly create a soft target for crime. Furthermore, he comments that if students do not actively take part in preventing crime through vigilance, early reporting of suspicious situations and greater responsibility for their belongings, the USBD cannot succeed in creating a safe environment on campus.

At an impromptu meeting held between the Tygerberg Security Committee and the various HK-members responsible for security following the incidents, security guidelines were reiterated and recommendations were made to sharpen security in residences.

To date, the Meerhoff thefts have been investigated by both the USBD and the SAPS, but no progress can be demonstrated as of yet.

Mr Amando Nkoana ,TSR member: Student Services, believes the only way in which visible changes in terms of security will be seen on campus, is if students make a security 'mind shift'; that is, coming to the realisation that security is their own active responsibility.

# TBAK vir moedertaalonderrig

CHRISJAN LABUSCHAGNE

TYGERBERGERS vir die behoud van Afrikaans in die klaskamer of TBAK is amptelik tot kampusvereniging op sy openingsfunksie op 11 Februarie verklaar. Mnr. Jasper van Zyl, voorsitter en stigterslid van TBAK het die hoofrede by dié geleentheid gelewer.

TBAK is gedurende 2009 gestig en hierdie jaar vir die eerste keer amptelik as 'n kampusvereniging opgeteken. Volgens Van Zyl is die rede vir die ontstaan daarvan eenvoudig: Daar is heersende kommer onder studente aangaande die agteruitgang van Afrikaans as onderrigtaal aan die FGW. Die sogenaamde T-opsie benadeel blykbaar Afrikaanse studente en die taal word telkens uit die oog verloor.

Tydens sy openingsrede het Van Zyl daarop klem geslaan dat die organisasie 'n projekgedrewe benadering sal volg. "TBAK het drie hoofprojekte in die pyplyn om te verseker dat Afrikaans as vaktaal op Tygerbergkampus aandag geniet en ontwikkel," het Van Zyl uiteengesit. Die projekte sluit onder meer die daarstelling van 'n Afrikaanse mediese letterkunde-argief in. Tweedens sal hulp verleen word aan die verdere ontwikkeling van die Woordeboek van Afrikaanse Geneeskunde terme wat deur prof. Jan Lochner bedryf word. TBAK wil ook 'n heersende rol speel in die vertaling van notas na Afrikaans en die daarstelling van gepubliseerde mediese inligting in Afrikaans.

Van Zyl het dit verder duidelik gemaak dat TBAK geensins 'n anti-Engels of politieke paradigma volg nie, maar dat die noodsaaklikheid van 'n multikulturele omgewing met gelyke geleenthede vir almal erken en ondersteun word. Moedertaalonderrig is dus belangrik vir alle studente. Tydens die openingsverrigtinge is 1 000 ballonne in die kleure van die landsvlag die lug in gelanseer. Dit was simbolies van TBAK se ondersteuning van eenheid in die konteks van die nuwe Suid-Afrika en dat die ou manier van dinge doen soos betogings en stakings geskiedenis is. Volgens Van Zyl berus die nuwe manier van dinge doen op hande vat en die stuur van projekte.

Prof. Marietjie de Villiers, Vise-Dekaan: Onderrig, se standpunt oor die bestaan van TBAK in die Tygerbergkonteks is as volg: "Soos enige ander studente-organisasie op kampus ondersteun ek TBAK as 'n studente-inisiatief wat gehalte van onderrig en studente-ervaring op ons kampus wil bevorder en uitbrei." Sy het ook genoem dat alle voorgraadse programme aan die FGW die T-opsie as taalbeleid volg en arbeidsterapie is die enigste afdeling wat tot op hede nog nie die beleid ingestel het nie. Dié afdeling sal egter vanaf 2011 ook die T-opsie-beleid volg.

Volgens De Villiers is verskeie inligtingsvergaderings verlede jaar met personeel en studente aangaande die taalbeleid gevoer en dat dit weer vanjaar opgevolg is ten einde te verseker dat beide die studente en personeel vertroud is met die huidige taalbeleid. "Ons gee ook op 'n gereelde basis kleiner stukke relevante inligting aan alle betrokke partye om verwarring uit te skakel," het de Villiers verder gemeld.

Mnr. Llewellyn MacMaster, Studentedekaan aan die US het ook die openingsfunksie bygewoon en die gehoor toegespreek. Tydens sy toespraak het MacMaster studente gemaan om hulself te laat geld aangaande kampuskwessies. "In die verlede is daar geveg vir studente om 'n stem te hê, nou dat julle dit het moet julle dit gebruik." MacMaster het verder 'n beroep op alle studente gedoen om te verseker dat integriteit steeds sentraal tot hul doen en late sal staan. Hy het versoek dat taal nie deur die organisasie gebruik moet word as 'n wapen van eksklusiwiteit en uitsluiting nie. Hy het genoem dat studente eindelik moet bydrae tot die groter prentjie - die ontwikkeling en bevordering van ons gemeenskap en land.

Menige studente soos mnr. Daniël Pienaar 'n tweedejaar mediese studente het ook 'n stuiwer in die armbeurs gegooi en is dit eens dat organisasies soos TBAK nodig is. "Organisasies soos TBAK is van kardinale belang op ons kampus; iemand moet opstaan vir ons taalregte in die klaskamer," was Pienaar se mening.

# Groot planne wink

ANNES KRITZINGER

DIE US beplan om sowat R220 miljoen aan opgraderings op Tygerbergkampus te spandeer.

Mnr. John Villet, direkteur: eiendomsdienste het die beplande bouverbeteringe op Tygerberg bevestig. 'n Aansienlike bedrag word spesifiek vir werk aan die koshuise opsy gesit.

Villet noem dat die beplanning vir die opgradering reeds in 2009 aanvang geneem het. Hy noem dat daar omvattende planne beraam is om sekere instandhoudingsagterstande in te haal, maar dat dit nie uit die sentrale begroting befonds kan word nie. "Daar word tans na alternatiewe bronne van befondsing gekyk," sê Villet verder.

Volgens Villet is die primêre doel van die opknappings om te verseker alle geboue voldoen aan die nuutste bou-, beroeps- en veiligheidsregulasies.

Volgens mnr. Jaco-Niel de Villiers, PK-voorsitter en primarius van Meerhoff sal die projek in drie fases aangepak word. Meerhoff sal deel uitmaak van die eerste.

Alle geboue op Tygerberg is aan die einde van 2009 ge-oudit en daar is volgens dié verslag besluit watter instandhoudingsverstellings gemaak sal word. Die bepaling van die omvang van werk en beraamde kostes wat by elk van die koshuise nodig sal wees is ook by die oudit ingesluit.

Villet is vol vertroue dat die opgraderings prakties uitvoerbaar is en ontken nie dat so 'n groot projek onvermydelik met groot logistiese uitdagings gepaard gaan nie.

Een van die groot kommernisse heers oor die tydelike verplasing van studente uit koshuise terwyl opgraderings aan die gang is.

Volgens me. Refilwe Lekalakala, Meerhoff se HK-lid: instandhouding het Meerhoffers die volgende drie opsies: tydelike huisvesting in 'n ander koshuis op kampus; verblyf in La Bonitas, die nuwe behuisingskompleks oorkant die treinstasie of verplasing na 'n Bliksem, die gemodifiseerde skeepvraghouer wat vir verblyf ingerig word.

Mnr. Andrew Murray, Hippkrates se HK-lid: instandhouding sê dat hulle [die koshuis] in die donker was oor wat vir Hippokrates beplan word. "Ek het eers daarvan uitgevind toe ek navraag begin doen het," sê hy.

Volgens me. Yvonne Smit, HK-lid: instandhouding by Huis Francie van Zijl sal sekuriteit by dié koshuis prioriteit geniet wanneer daar rondom opknapping beplan word.

Kerkenberg se HK kon nie teen saktyd vir kommentaar bereik word nie.

Die proses was beplan om teen April te begin, maar word weens die onbeskikbaarheid van fondse onbepaald uitgestel.

# Exemplary Leadership is a form of Accountability

IN THE song "Waiting on the world to change", John Mayer sings of disgruntlement with authority and the seeming inability to change operations within leadership structures. "We see everything that's going wrong with the world and those who lead it, we just feel like we don't have the means to rise above and beat it."

Throughout 20th Century history, students have been known to protest, to rally and to demand change.

During the 1960s they fought for Student Representative Councils; later they boarded the Freedom Buses in the USA to demand an end to racial segregation and lynching in the Southern states.

In our own country, students played a major role in the marches, rallies and demonstrations against the Apartheid Struggle.

These students are youth who did not "wait on the world to change", but caused the change; embracing the concept of being "the leaders of tomorrow" and simultaneously keeping watch over the leaders of the day.

Creating change thus requires more than disgruntlement, more than speaking up at forums and more than signing a petition. Moving forward demands initiative and leadership.

Tygerberg students required significant leadership potential to gain entry into their courses. Both courses and careers in the health sciences require the ability to act and think with authority.

While the phenomenon is disappearing in bigger cities, it remains a truth especially in smaller settlements and towns that health professionals are considered leaders in their communities.

The very nature of our future thus asks of us to have a leadership-centred life. Where better to start than the old adage that a leader leads by example?

This concept is not new to us. We are quick to condemn in the event that a prominent figure on campus should act in a non-exemplary manner – rightfully so. It is imperative for leadership structures to be watched and criticised where necessary and appropriate.

Similarly, our national government is not exempt from the need for quality control and accountable leadership.

The latest Jacob Zuma-saga serves as an example here. The news that the South African president fathered his twentieth child with a woman other than one of his five wives **caused an uproar among countrymen and women from various backgrounds.**

While many argued that a country should not have an "immoral" president, Zuma is correct in that his morals may not be our morals and vice versa.

What extends beyond morality is that the leader of a country riddled with HIV and AIDS is obviously indulging in unsafe and risky behaviour. Moreover, the women with whom he have romantic relations are also put at risk, and so are the children they bear.

"It is my culture!" simply does not suffice as an excuse for behaviour that is incoherent with societal needs. This drives the criticism, forums and arguments we have seen as a result.

Similarly, students and professionals in the health sciences must understand that their irrefutable leadership-position means that they will be "audited" by their **communities**.

The Health Practitioners' Council of South Africa does not allow individuals with criminal records on their roll, which is not without good reason. In a health care sector such as in South Africa, health professionals need to take certain responsibilities upon themselves.

What Zuma does in his private life is unlikely to affect the actions of an illiterate mother in rural Transkei. The actions of her doctor, however, are bound to resonate in her existence.


A doctor that advises his community not to abuse alcohol, but does exactly that, will not be taken seriously and neither will his words.

We should expect from ourselves and our colleagues, just as we expect of our superiors, to act with integrity. That is an unconditional responsibility we accepted the moment we said, "I want to be a doctor/dietician/etc".

We do not tell or allow a community to view us as influential figures. They do that on their own. Failure to act with the required integrity has a simple causal effect:

You will be weighed. You will be measured. And you will be found wanting.

~ Mariechen Puchert




**LANGUAGE ISSUES ON TYGERBERG CAMPUS ARE EXPERIENCING RENEWED ATTENTION.** TBAK's recent opening function sparked debate regarding practical implementation of the T-option, of the language policy, in class and stressed the importance of mother-tongue education for all students on campus. Cartoon: PIPPA DURR

## Ta'matie

*Rubriek*

### Ta'Matie se Middaguur-"biets-en-moun", kwinkslae en 'n raps vir dié wat krap-krap waar dinge nie jeuk nie ...

*JUL TANTE het haarself verlede maand moeg gepraat oor die eerstejaartjies. Ek is bly om te hoor dat dit die tweedejaars is wat 'n slag die sensasie skep.*

Om 'n dosent tot trane te dryf - sjoe! Tante was deur haar sykouse tot in haar beendere yskoud toe sy die nuus hoor dat die tweedejaarsklas gekla het oor 'n dosent se didaktiese vaardighede.

*Ek het in my dae al genoeg appeltjies met die anatomie departement geskil om 'n tert te bak, maar so erg was dit nog nooit nie!*

*My liewe kinders, onthou: Julle het nog baie jare om te kla. Los maar vir 'n rukkie die fakulteit, hulle doen so goed as wat hulle kan. Kyk ook 'n bietjie in die spieël voor julle te veel vingers wys – met 'n Spysvertering-klasgemiddelde van 47% wil dit vir my voorkom dat julle sal sukkel om te verklaar hoekom Tante so getrou haar pruiesap moet inkry.*

***Tante hoop ook dat die fakulteit se getroue Sentrum vir Gesondheidswetenskappe Onderrig (SGWO) 'n kursus aan alle dosente sal aanbied oor hoe om effektief kennis oor te dra. Dit blyk veral 'n probleem in die Departement: Anatomie te wees.***

*Tante sit weer 'n extsra suikertjie in haar tee vir die arme Meerhoff-inwoners.*

Wie sou kon dink die instandhoudingsprobleem so sleg sou uitdraai dat hulle informele huisvesting moes aanvaar. Ai toggie, en ek sien dis nogals anderkant



die draad ook!

**Tante se ogies raak nou wel al 'n bietjie sleg, maar ek moet ook noem dat julle nie almal die nuwe bepalings gehoorsaam deur julle studente kaarte om die nek te dra nie.**

*Oppas, die dae wat Tante al julle name moes onthou is nou verby, asook enige kans van anonimiteit op onse kampus.*

Foei! Ek hoor daar was weereens 'n geselsery oor homofobie op kampus.

*Net die **gedagte** dat so iets hier nodig is maak jul geliefde tante se tee sommer dadelik koud.*

*Ek is nog altyd meer gesteld daarop om koek te bak as om te eet, maar my hart gaan uit na die **van ons wat "kies" om** 'n ander leefstyl te volg.*

*Ta'Matie se advies is eenvoudig: wees trots op wie julle is en kom sê vir Tante sodra een of ander knaap die suiker uit jou skuimpie probeer steel.*

Dit is net jammer dat die gepratery so sleg bemark was; dit laat Tante dink dat die leierskapskorps die saak nie na genoeg aan die hart dra nie.

***Dalk moet jul Tante 'n simposium oor kampusbemarking aanbied.***

Huis F sal wenselik daarby baat, veral nadat hul grasparty weens swak bemarking so onsuksesvol was - dit was al tienuur en slegs drie mense was op die gras en hulle het nie eers gedans nie, want hulle was deel van die sosialekomitee.

Hippokrates het weereens na die afgelope massasêr aan 'n beroerte gely wat talle Hippomans se primitiewe gewoontes uitgelok het.

*In the interests of avoiding further outrage, your aunt must alas acquiesce to the usage of a foreign language.*

*It appears that linguistic patriotism will be considered tantamount to treason – nay, heresy! – by the unswerving hegemony that is our faculty.*

Any attempt at self-preservation of cultural identity cannot possibly be condoned, and must certainly constitute a form of rebellion.

*Your aunt is most appalled at this assertion and feels compelled to revert to her native tongue for her summative comment – diș nou **k@k** vir jou!*

***Jul tante is mos rekenaargeletterd! Skryf gerus aan haar by tantmatie@gmail.com.***

tmatie-redaksie

HOOFREDAKSIE (INHOUD):

**HOOFREDAKTEUR** Mariechen Puchert
**GRAFIKA** Rhoda Deers

**BEDRYFSPAN:**

**BEDRYFSHOOF** Alice Fan **Advert liason** Zuma Mazibuko
**Administrative Staff** Vera Afriyie, Kyla Ynclan

JOERNALISTE:

Raisa Wessels, Lize de Klerk, Craig Anderson, Chris Botha, Coritha Swanepoel, Stephan Nel, Koot Kotze, Martie Pretorius, Annes Kritzinger

*tMATIE is die onafhanklike studentekoerant van die Tygerbergkampus. Kontak gerus die redakteur by 15764591@sun.ac.za met enige klagtes, voorstelle, nuuswenke of bydraes.*

ENIGE KOMMENTAAR?

Stuur gerus 'n e-pos aan die

redakteur by

15764591@sun.ac.za

tmatie

tmatie is op soek na mense wat belangstel in die volgende poste:

**Nuusredakteur**

**Advertensiebestuurder**

**Teksredakteur**

Kontak die redakteur vir meer inligting.

# Sement pleister bevrediging vir alle studente op kampus

RAAFIQ ELY & MARTIE PRETORIUS

DIE SEMENT wat sorg dat die fondasie van kampus goed gebind is, het die naam van Ronél Retief gekry toe sy op 13 Mei in 1971 te Karl Bremerhospitaal gebore is.

Hierdie vriendelike en gawe administrasietannie soos sy tong-in-die-kies na haarself verwys, is 'n doktor van literatuur en dien as Assistent Registrateur op Tygerbergkampus.

Retief het aan die Hoërskool D.F. Malan matrikuleer.

Sy het beide haar voor- en nagraadse studies aan die US voltooi, waar sy haar doktorsgraad in Afrikaanse letterkunde behaal het. Hiervoor het sy gekies om 'n jaar in Utrecht, Nederland te spandeer.

Retief is die dogter van die welbekende prof. Budgie van der Merwe, voormalige hoof van die Departement Pediatrie en Kindergesondheid.

Retief voel bevoorreg om saam met haar pa te kan werk. "'n Mens leer jou pa anders ken in sy professionele hoedanigheid," sê sy.

Retief is ook 'n ma van twee seuns. Die een is vier en die ander ses jaar oud. Die oudste seun het sopas skool by Laerskool Stellenbosch begin.

Haar seuns is vir haar baie kosbaar: "Hulle is my begin en my einde," verklaar sy. As 'n werkende ma voel sy egter asof sy nooit genoeg tyd met haar kinders spandeer nie.

Sy voer verder aan dat sy 'n wonder-man het wat baie nou by alle aspekte van die gesin betrokke is.

Retief verwys ook na 'n ongelooflike en onverplaasbare ondersteuningsraamwerk in die vorm van haar ouers. Haar ma kyk na die twee seuns terwyl sy by die werk is. Sy verklaar met trots dat sy nie sonder haar ouers als sou kon doen wat sy tot op hede bereik het nie.

Retief draf graag. Dit dien as 'n uitlaatmeganisme om van die daaglikse spanning te ontsnap.

Sy sing ook vir die afgelope 14 jaar in die Libertaskoor. Sy het al saam met die koor oorsee gegaan en het blootstelling aan mense van alle lewensbane geniet.

Retief voel dat sy 'n goeie plek in haar lewe bereik het en ag haarself as baie gelukkig. "Ek voel ek het nou die hele pakket – kinders, my man, ouers, studente en die fakulteit," meen sy. Sy sê verder dat sy baie "tevrede en dankbaar [is]".

Retief maak nou al vir ses jaar lank 'n merkbare verskil op Tygerbergkampus en in studente se lewens. Sy is baie opgewonde oor



haar werk en die verskil wat haar afdeling in terme van dienslewering en diensbaarheid kan maak. Alhoewel administrasie en innovasie nie gewoonlik saam in een sin genoem word nie, is sy voordurend daarop toegespits om kampuslewe en dienslewering aan studente te optimaliseer. "Ek dink altyd aan hoe ons in die akademiese administrasie ons by die groter prentjie kan inpas en ons doen en late kan belyn met die rektor se alombekende Pedagogie van Hoop," sê sy heel opgewonde.

Haar visie vir die Afdeling: Akademiese Administrasie is een wat studente landwyd na aan die hart lê. Sy wil graag hê dat haar afdeling 'n nuwe gesig kry met gelaatstrekke soos vriendelikheid, 'n streng professionele aanslag, diensbaarheid, toeganklikheid en een wat ten alle tye in die belange van studente op kampus optree.

Retief sien administrasie nie slegs as die rondskuif van papiere en dokumente nie en glo dat dit 'n belangrike plek het in die verwesenliking van 'n institusionele visie.

Sy het 'n groot passie vir interaksies met mense en veral die studente. Sy hou daarvan om studente sowel as hul stories te leer ken.

Sy geniet dit om met studente te werk en sien jaarliks uit na die verwelkoming van nuwe studente.

Die verwelkoming van eerstejaars ressorteer op Tygerberg onder Retief se afdeling.

Die eedaflegging wat ook haar kantoor se verantwoordelikheid is, is vir haar baie spesiaal omdat sy en haar kollegas 'n lang pad met die fakulteit se studente loop.

Haar afdeling is ook direk betrokke by die werwing van swart studente, deur onder andere diegene wat reeds keuring tot die gesondheidswetenskappe geniet, jaarliks vir drie dae op die kampus te ontvang ten einde hulle te help om 'n ingeligte keuse te maak oor waar hulle wil gaan studeer.

Haar hoofdoel is om gehoor te gee aan die kliente van die US – die studente. Sy handhaaf ten alle tye 'n oop-deur-beleid en wil graag hê dat studente moet voel hulle word gehelp en dat hulle tevrede is.

# Gesondheid!

CORITHA SWANEPOEL

DIE WEEK van bekendstelling van verenigings op Tygerbergkampus is pas verby.

Een van die verenigings wat kenmerkend uitgestaan het, was TWITS of die Tygerberg Wynproevereniging.

TWITS is 'n paar jaar gelede deur Hendrik Odendaal en Dale Thomas gestig. Genevieve Olivier is tans en reeds vanaf 2008 die voorsitter.

Die doel van die vereniging is om studente op Tygerbergkampus aan die wynkultuur bloot te stel en aan hulle die geleentheid te bied om meer van wyn te leer en fynproewers te word.

TWITS is ongeveer 70 lede sterk en vanjaar geld 'n spesiale halfprys-ledegeld-aanbod van R75 in plaas van die gebruiklike R150. Die ledegeld sluit alle administrasie fooie, vervoer, gehad om Tygerberg se studente beter te leer ken.

"Van die plase wat studente baie geniet het, is Waterford, De Grendel, Glen Carlou, Laborie, Anura, Kanonkop, Graham Beck en Haute Cabriere om net 'n paar te noem," het Olivier as 'n paar van haar gunstelinge gelys.

Van die feeste wat bygewoon word, is bekendes soos *Cheese and Wine Festival*, Stellenbosch-wynfees en Winex.

Waar 'n mens studente en wyn saamvoeg, kan dinge soms skeefloop.

Olivier verseker belanghebbendes egter dat dit nie so by TWITS gebeur nie. "Ons moedig verantwoordelike gebruik van alkohol aan," sê sy.

Olivier voer verder aan: "By TWITS proe ons wyn en word nie daarop dronk nie!" Weereens word die klem op waardering en genot geplaas

TWITS
TYGERBERG WINE TASTING SOCIETY

wynproefooie en selfs afslagte by wynfeeste in.

Hierdie vereniging kom een tot twee keer per maand bymekaar.

Besoeke aan plase in die omgewing, wynproe-aande in die Mankadan en die bywoning van wynfeeste is alles op die groep se agenda. Die wynproesessies vind meestal Saterdae in die oggende plaas om toeganklikheid aan studente te bevorder.

TWITS probeer om sy lede aan soveel as moontlik wynplase bloot te stel. Paarl, Stellenbosch, Constantia en Franschoek se kelders het al beurte en nie om oormatige gebruik nie.

Volgens Olivier het TWITS nog nooit enige insidente van oormatige alkohol gebruik op enige van hul toere gehad nie.

TWITS respekteer en ondersteun alle kampusbeleide ten opsigte van die verantwoordelike gebruik van alkohol en alkoholiese produkte.

Studente wat graag wyn waardeer of wil waardeer en hul kennis oor dié kultuur wil verbreed kan by TWITS aansluit deur Genevieve Olivier op 072 281 9525 of by 14519496@sun.ac.za te kontak.

# Courageous Conversation Conjures Campus Contention

KOOT KOTZE

STEPS towards intra-campus reconciliation were taken when the first Courageous Conversations open forum discussion was held in the Huis Francie van Zijl *O-Saal* on Wednesday, 3 March.

An initiative of the TSR, Courageous Conversations aims to create a friendly and non-hostile environment for students to discuss topics which are normally deemed as inappropriate, considered taboo, or just difficult to converse about.

Following the controversial debate surrounding homophobia on campus at the last Student Parliament of 2009, it was decided that the issue of homosexuality and homophobia on campus would be the first topic up for discussion.

Prof. Amanda Gouws, Head of Gender Studies at SU, was the guest speaker and offered valuable insight into the concerning matter. Citing recent incidents in the South African context on a social as well as institutional level, she challenged all present to do some introspection with regards to homophobia and to embark on attaining an understanding into what the roots and causes for this phenomenon are.

Among those present, some were of the mind that Tygerberg Campus' comparatively small size and relatively few students create an environment in which speculation and even discrimination may take place at a more personal level. The microcosm that this creates was highlighted by Gouws, as she posed the question of whether this particular observation might be extrapolated to societal attitudes in general.

The issue of race relations was used as an analogy for homophobia and concluded that governance structures should actively pursue such issues before any real progress can be made.

Issues regarding discriminatory

*"... speculation and even discrimination may take place at a more personal level."*

speech received particular attention. Attendees concurred that, while freedom of speech is immeasurably important, hate speech is exempt from this freedom. Their conclusion was that more accountability for offensive speech would have to be enforced if anything is to change in peoples' behaviour.

Gouws pointed out that several inconsistencies between South African popular opinion and statutory establishments meant that attitudes of the general populace were sure to differ from the country's tolerant and progressive constitution. The crux, however, was that *vox populi* does not necessarily constitute *vox aecus*.

Many present felt, however, that the actions of a few individuals were being regarded as the general opinion on campus and it was this fallacy that needed to be addressed. It was conceded that any feelings of animosity between groups had been the result of individuals' differing and that unjustified generalisation had led to feelings of group persecution and exclusion in the opinions of a select few.

Finally, Gouws stressed that, in order for perceived tensions on campus to be reduced, there needed to be more acceptance of the reality and autonomy of homosexuals on campus and in general, and not just a precarious tolerance maintained simply for the sake of keeping relations friendly.

Alex Trimby, TSR-member: Community Interaction, was responsible for organising the event. He said that although the turn-out had been smaller than expected, some of the objectives set out for the conversation had been achieved. He added that those who most needed to be present were predictably absent. This was in part due to reluctance of many to admit that homophobia is an issue and also the fault of a campus-wide avoidance of contentious issues which are regarded as polemics.

Courageous Conversations are tools to be used in creating platforms for students to speak about sensitive issues. In this way, they aim at enabling the TSR's values of transparency and student dialogue.

# Eerstejaars blink uit: Goeie uitsig vir *Medics*

STEPHAN NEL

TYGERBERGERS het weereens hul staal in die Eerstejaarstoernooi gewys. Die duldelose hitte is trotseer om hul kampus trots te maak. Vanjaar het verskeie sportsoorte besonder goed presteer met smaakvolle einde, veral die vroue sokker- en hokkiespanne, asook die mans hokkiespan.

Mnr. Christian Sittmann, Sportsverteenwoordiger: mans hokkie, het met trots vertel hoe die *Medics* die teenparty verpletter het. "Ons het net reg deur die dag aangehou, waar van die ander spanne se spelers flou geword het," sê Sitmann plegtig. Hy gee verder te kenne: "'n Mens kan amper sê ons het hulle dood gehardloop".



**DIE NUWE EERSTEJAARS IS 'N ONSTRYDIGE MAG.** Die eerstejaars vroue sokker span het vanjaar indrukwekkende vernuf getoon wat hulle in staat gestel het om die kampioenskapstrofie te verower. In hierdie foto verbeur Aristea die kans om 'n doel te skiet met puik verdediging deur Loren Benjamin. **Photo: KIM JENKINS**

Die mans hokkiespan het as oorwinnaars uit die stryd getree, met 'n een-nul-oorwinning oor Academia in die eindrondte. Hulle het gedurende hierdie toernooi slegs een wedstryd net-net teen Pieke die onderspit gedelf.

"Dit was 'n baie goeie jaar vir eerstejaarshokkie," was Sittmann se sienswyse. "Ons het 'n groot groep goeie spelers ingekry en selfs twee wat WP verteenwoordig het," het hy verder met trots verklaar.

Mnr. Heindrich Louw, 'n eerstejaarstudent van Meerhoff, vertel van die verbluffende geesdrif onder sy spanmaats en die wonderlike ervaring. Hy praat ook van geleenthede om verskeie nuwe vriendskappe te vorm. "Ons het 'n giftige spannetjie gehad, wat bereid was om enige iemand wat in ons pad staan te byt," het Louw bygevoeg.

Die mans hokkiespan het met die hulp van toevoeging van eerstejaars tot die span Tygerberg se vaandel in die interkoshuistoernooi hoog gehou. Na 'n ontsagwekkende vier-nul-seëpraal teen Huis Marais en 'n strafdoelskietwen teen Simonsberg, het hulle teen Helderberg in die eindronte gespeel.

Die eindrondte wedstryd was veeleisend en die mans hokkiespan moes 'n nederlaag voor Helderberg aanvaar.

Die eerstejaarsvroue sokkerspan het ook 'n uitmuntende oorwinning behaal toe hulle die beker Tygerberg toe bring. Hulle het baasskap in die eindrondte teen Lydia met 'n telling van een-nul verklaar.

Die afrigter van die vroue sokkerspan, me. Phuti Aubrey Mashilo was baie trots op die eerstejaarsvrouespan en het gevoel dat die spelers 'n groot aanwins tot dié sport afdeling op kampus sal wees.

"My spelers het soos ou gesoute professionele sportvroue die stryd aangedurf [sic.]," het Mashilo met groot oorgawe beklemtoon. "Hulle was takties goed gedissiplineerd en het ons strategie goed hanteer," het Mashilo verder beduie. Sy het ook gevoel dat haar span nooit gedwing was om die teenstaanders se spel te volg en hulself daarteen te verdedig nie.

Me. Kelly Jacobs, TSR-lid: sport, wat ook deel van die vroue sokkerspan is het bevestig dat hulle tans aan die sokkerliga deelneem. "Ons hoop definitief om dit te wen [sic.]," het Jacobs uitgebrei.

Jacobs het ook vertel van die groot hoeveelheid eerstejaars wat by die span aangesluit het en dat hulle deur die TSR se studente-inisiatiewefonds geborg word.

Die vroue hokkiespan het ook bo hul teëparty uitgestyg en het tweede geëindig toe hulle in die eindrondte van die eerstejaarstoernooi teen Nemesia uitsak.

Volgens me. Charné Faulding, 'n eerstejaarstudent, het dinge reeds in die halfeindrondte teen Lydia veeleisend begin word. "Ons was tot die einde toe gelyk op, maar ons het [die halfeindrondte] gelukkig met die strafdoelskiete gewen," beduie Faulding.

Die eerstejaarsvroue hokkiespan het toe met 'n een-nul nederlaag die knie voor Nemesia gebuig.

Volgens Jacobs kan Tygerberg regtig trots wees op die talentvolle eerstejaars. Sy voel ook dat die gehalte van sport met die ongelooflike eerstejaarstalente tot hoër hoogtes gevoer sal word.

# Beveg kanker: stap deurnag

CHRIS BOTHA

TYGERBERG studente was onlangs aktief by die Kanker-Suid-Afrika-projek, *Relay for Life*, betrokke.

Die geleentheid was aangebied op die aand van 26 Februarie en het aangehou tot die volgende oggend. Dit was op die gronde van Hoër Tegniese Skool Bellville gehou. Die doel van dié geleentheid is om fondse vir die veg teen kanker in te win.

*Relay for life* is 'n jaarlikse instelling waarby almal in 'n gemeenskap betrokke kan word. Dit is 'n aand gevul met pret en feesvieringe. Daar word ook geleenthede geskep om nuwe vriendskapsbande te smee en dit wat jy reeds het, te versterk. Dit is 'n ideale geleentheid vir vriende, families, skole, sosiale- en portsklubs, jeuggroepe, en dies meer om by genotvolle onbaatsugtige liefdadigheidsprojekte betrokke te raak.

> "dit was 'n goeie idee, maar mense kon meer gedoen het"

Spanne van tussen 8 tot 15 persone kan aansluit en dus deelneem aan hierdie unieke spanbou ervaring waarby enige iemand kan baat. Verskeie stalletjies was opgestel deur die verskillende groepe en elke groep was vriendelik versoek om volgens 'n tema aan te trek.

Die aand bied ook die kans om 'n huldebetoning aan oorwinnaars van kanker te bied. Die byeenkoms skep ook 'n platvorm waar inligting aan die gemeenskap oor gedra kan word aangaande vroeë ondersoek, diagnosering en moontlike afweer van voorkombare kankers. Die aand kan ook gebruik word om meer mense te werf om by van KANSA se ander projekte, programme en dienste betrokke te raak.

Die aand se program het teen 18:00 begin en die baan waar rondom die spanne moes stap was deur verskeie oorweldigers van kanker geopen. Kerse was gebrand ter herinnering aan talle slagoffers. Deur die hele aand moes iemand van elke groep om die baan stap. Bekende gesigte van die gemeenskap soos die Burgermeester van Bellville, **Alderman Dan Plato**, het die plegtigheid saam met die dokters van die toekoms trotseer.

Volgens me. Pumza Mjuleka, 'n eerstejaar mediese student, was dit alom 'n goeie idee, maar sy het gevoel dat mense meer kon doen. "Mense het halfpad deur die aand geloop omdat hulle moeg geword het van om 'n baan stap," kla Mjuleka.

Me. Carine Gagiano was baie trots op die bywoning van die Tygerberg studente. "Dit was 'n goeie inisiatief vir 'n goeie doel," meen sy. Die verskeie groepe van Tygerberg wat die samekoms bygewoon het, was onder andere die Fisioterapiestudente, wat natuurlik niks anders as hulle talente van genesing deur middel van massering uitgedeel het nie; die TSR wat pannekoek, koffie, warm sjokolade en ander warm lekkernye onder 'n neon tema verkoop het; Kerkenberg wat natuurlik die prys vir die beste tema gewen het – hulle het as seerowers aan getrek en Huis Francie van Zijl wat boerewors rolletjies verkoop het.

Volgens Gagiano, beoog die KANSA om die *Relay for Life* volgende jaar op Tygerberg te hou.


## You've worked hard to become a professional.

**Wealth creation, estate planning, sickness and disability cover, asset protection.** These matters can easily become a distraction when it comes to your profession. If you're an employed or self-employed degreed professional, Sanlam Cobalt for Professionals could be the tailor-made financial solution for you. We're thinking ahead. Are you?



**Dewald Fourie**
021 945 3354
083 272 3523



**Leon Rossouw**
086 188 6655
082 440 3983



**Jaco du Preez**
021 947 2916
084 254 3484



**Werner Lubbe**
021 945 2696
082 825 6655



**Junaid de Witt**
021 697 5247
084 527 6993



**Louis Marx**
021 947 4419
073 412 8447

Sanlam
Thinking ahead

Visit www.sanlam.co.za for more details
LICENSED FINANCIAL SERVICES PROVIDER


# Culture alive on campus

CRAIG ANDERSON

THE TSR hosted their annual culture evening on Tuesday, 2 March with a drop-red-gorgeous theme.

It is an opportunity to allow students to flaunt their talents. Over the past few years this event has seen fantastic talent in all spheres of culture, be it drama, music or dance, art, photography or any other cultural display.

This year was no exception. The evening was organised by Mr Philip Zeelie, TSR member: Culture.

The function was hosted in the TSS, decorated in the Red, Black and White theme. For an entrance fee of R10, those attending **received** good quality wine and cheese.

According to some students it was unfortunate that only wine was served as this excluded Muslim and other students who do not consume alcohol.

"It is interesting to learn from other cultures and the event is a great opportunity to do this," claimed Zeelie.

Since the program for the evening was very diverse and of a high calibre Zeelie expected the evening to be entertaining. He was worried that people may get bored and leave mid-way through the evening as they have done in the past. "It is always difficult to organise events underpinned by huge expectations from the student body," said Zeelie. At the end of the night he was very impressed with the performances and felt that the standards were remarkably good.

The hosts for the evening Mr Phuti Pooe, a third year medical student and Ms Alice Fan, a second year medical student, were well received by the audience. They kept the evening flowing and allowed for light humour between the acts.

A large diversity of acts ranging from stand-up comedy to dramatic monologues were to be seen.

There were many musical acts. The highlight of these being Zeelie performing Music of the Night. According to Pooe, Zeelie was "cooler than gel at a matric dance".

On the drama scene Ms Siviwe???, a first year medical student from Huis Francie van Zijl, performed a powerful dramatic monologue about HIV/AIDS, which she had written herself.

Mr Johan Steyn, a fifth year medical student and former TSR member, had the crowd in hysterics with two pieces of humerous prose.

A very well-received dramatic monologue was done by Tirsa Bezuidenhout about the "myth" of how great overseas life is. The piece was entitled *Goud, Wierook, Mirre en Pille.*

There were also a few bedazzling dance numbers. A favourite of many was the Kerkenberg third year girls' dance to All That Jazz. The sensual and sexy routine by the Maties Dance Society on Tygerberg was also thoroughly enjoyed by the crowd.

A surprise performance by the eminent Adamsappel left the crowd in high spirits.

Zeelie believes the evening was a huge success.

# *Outeniqua Chair* nie te uitdagend vir Maties

SPORTBURO

DIE JAARLIKSE *Outeniqua Chair Challange* het onlangs op George plaasgevind. Prestasie in verskeidenheid was die tema van die dag. Maties is self ook goed verteenwoordig by dié geleentheid. 23 lede van die Maties-Helderberg Sportklub vir Gestremdes het die afgelope naweek aan dié resies deelgeneem.

Dit was een van die grootste byeenkomste waar gestremde persone aan wedrenne in rolstoele deelneem. Meer as 650 mense het deelgeneem. Vir 'n groot groep van hierdie deelnemers is dit 'n baie ernstige kompetisie. Daar word in verskeie klasse (parapleë, kwadrupleë en sebraal gestremdes), kategorieë (mans, vroue, juniors en seniors) en afstande (42.2km, 21.1km en 10km) deelgeneem. Deelname vind in resies-rolstoele en handfietse plaas. Maties-Helderberg se negentien lede wat in die afdelings deelgeneem het, het puik gevaar. Veertien lede het elk in die top drie geëindig het.

Die wêreldkampioen, Ernst van Dyk, het tweede gekom in die marathon vir rolstoele en Rico Margue het die handfietsafdeling gewen. Dit was 'n uitmergelende resies en party deelnemers was byna twee uur op die pad.

Die kwik het tot 35°C gestyg. Die moeilike omstandighede waaronder hulle moes deelneem, maak die Maties se puik prestasie meer merkwaardig. Stuart McCreadie van Maties-Helderberg het tweede gekom in die 42.2 km-afstand met 1h14min. Hy het met hierdie tyd ook die vorige roete se rekord verbeter.

Vir twee lede van die klub was die 42.2km van Saterdag net die eerste skof van die Toer de Kaap. Die Toer de Kaap is 'n toer waar 550km in ses dae in 'n sirkelroete vanaf George na Riversdal, oor die berg na Ladismith en Oudtshoorn en weer tot by George afgelê word.

Die Juniors in die klub het goed gepresteer. Jacquin April is slegs vyftien jaar oud. Hy het, ten spyte van 'n paar ekstra kilometers, nog steeds in die 21km-wedren met 'n handfiets geseëvier.

Die Maties-klub wil graag skoolleerders wat goed in sport presteer, help om later by die universiteit te studeer.

2010 SOKKER-WÊRELDBEKER

## Deel Sewe: Bafana se vooruitsigte nie goed

ELRI NIEUWENHUIS

Ten spyte van al die bespiegelinge rondom Suid-Afrika se gereedheid om die wêreldbeker aan te bied, ontstaan die vraag oor hoe goed ons eie span gaan vaar.

Nadat die uitdunne-groepe in Desember aangekondig is, was daar verskeie ondersteuners wat negatief was oor Suid-Afrika se kanse. Hierdie bekommernisse was egter nie ongegrond nie. Volgens Fifa se amptelike wêreldranglys is Mexiko en Uruguay, wat albei in Suid-Afrika se uitdungroep is, onderskeidelik 17de en 21ste. Om sake te vererger is die vierde groeplid, Frankryk, 7de op dié lys. Indien jy Suid-Afrika hier sou soek, moet jy maar al die pad tot by nommer 81 blaai om ons veelkleurige vlaggie daar raak te sien. Statisties gesproke lyk Suid-Afrika se kanse dus nie watwonders nie. Tog is daar dié wat baie hoopvol is.

Volgens Neil Tovey, voormalige kaptein van die Bafana Bafana, is dit juis hierdie lae verwagtinge wat vir Suid-Afrika 'n voorsprong kan gee. "Daar is niks meer gevaarlik in sokker as 'n span wat speel met niks om te verloor nie," het hy gesê. Volgens Tovey sal Suid-Afrika in 'n baie goeie posisie wees indien hulle in die eerste rondte vir Mexiko kan wen.

Die ANC en veral Julius Malema is vas oortuig dat die afrigter 'n Suid-Afrikaner moet wees. Lucas Radebe was 'n baie gewilde keuse.

Ten spyte hiervan is Carlos Parreira heraangestel as Bafana-breier. Dit is die derde keer dat Suid-Afrika se sokkerafrigter slegs maande voor die wêreldbeker afgedank word.

Party is van mening dat Parreira reeds die kans gehad het om 'n "wonderspan" te ontwikkel en dat daar baie meer bekwame Suid-Afrikaanse afrigters is. Tog kan die feit dat Parrera reeds 'n wêreldbekerwenspan op sy kerfstok het, nie misgekyk word nie. Hoe dit ook al sy, Parreira is aangestel en gereed.

Hy het toegegee dat Mexiko 'n goeie span het en dat Frankryk spelers in die kampioenliga het. Tog het Parreira vroeër die jaar die hulp van die bekende sportsielkundige Henning Gericke ingeroep om die span vir die wêldbeker te help voorberei. Henning, wat veral bekend is vir sy hulp met die Springbokspan voor die wêreldbeker 2007, het gesê dat hy beïndruk is met Parreira se ingesteldheid.

Dit is min troos vir Bafana Bafana-ondersteuners .wat verlede week die span se power vertoning teen 'n sub-standaard Namibiese span moes aanskou. Leslie Sedibe, hoof van die Suid-Afrikaanse Sokkervereniging (Safa), het by die aankondiging van die Bafana-groep vir die oefenkamp in Brasilië die hoop uitgespreek dat die span ná hierdie wedstryd sal wakker skrik en besef dat die wêreldbeker om die draai is.

Suid-Afrika se kanse lyk inderdaad nie baie belowend nie. Tog is daar duisende ondersteuners wat elke week vasgenaal voor die kassie sit om hul vertoning te sien.

Bronne: www.nuus24.com, www.southafrica.ingo/news/sport-soccer, sport.iafrica.som/features, www.dieburger.com.

FIFA WORLD CUP



**ON CLOSE CONTACT** Mari Louw from Heemstede is too quick for her opponent from Metanoia. Nerina won the tournament against Erica. Helderberg won the tournament against Medies. Photo: JOHANN SWART

Nemesia end Hockey Summer League well

# Helderberg rule inter-res hockey tournament

JACQUES GROBLER

The annual Maties Residence tournament took place on Saturday 24 February. The players' passion was worn on their sleeves. The hockey was played at a scintillating pace by both the men's and women's res teams.

The teams that dominated the tournament from start to finish were Helderberg and Medies from the men's tournament and Erica and Nerina in the women's tournament. The final between Helderberg and Medies was a tightly contested affair, with both teams bidding for top honour. Helderberg just had the edge on them and walked away as the victors of the tournament. In the women's final both sides fought furiously, or at least as well as they could for the midday start. Nerina, having displayed great depth in their team, were proclaimed the winners.

Summer league came to an end on Thursday 4 March as spectators were enthralled by two captivating matches, with the men's and women's finals taking place.

The women's final was an intense, blistering affair that stimulated the visual senses of all onlookers. Nemesia had the more experienced outfit and looked confident throughout the entire encounter. The first goal was scored by Leigh Ann Barnard, as she timed her run to perfection and deflected the ball goalbound, an attempt which the keeper was unable to save. The second goal came from the skillful Elzaan de Waal who created space to shoot and finished in style.

In the men's final were the men of the Maties Club Mix team taking on a less experienced but fired up Libertas side. Both sides progressed through the group stages unbeaten and this added to the hype of the final and the confidence in both camps. The Libertas side applied all the early pressure, forcing three penalty corners out of the well structured Maties Club Mix side. Club Mix broke swiftly. Libertas responded immediately, scoring within a minute of the Club Mix goal, as a deflected pass fell into the path of Matt Henniker-Gotyley to slam home, and allowed the Libertas side to believe that a win was possible once more.

Not one of the sides could manufacture any other clear cut oppurtunities and the game went to penalty flicks. After eight flicks Neville Rothman stepped up as the deciding factor and despatched the ball into the goal, giving the Club Mix side a well-deserved win.

RUGBY SKILLS



DIE RUGBYAKADEMIE BIED 'N ONGELOOFLIKE GELEENTHEID AAN STUDENTE OM HUL RUGBY-VAARDIGHEDE EN KONDISIONERING TE ONTWIKKEL. DIE PAKKET IS SOOS VOLG:

AFRIGTERS: Emile Neethling & Nico de Villiers
PLEK: Van der Stel Sportklub
TYD: Maart tot September. Enige praktiese sessies (gimnasium, fiksheid of vaardighede) beskikbaar (soggens en middae).
PROGRAM: Die rooster is op aanvraag beskikbaar.
KOSTE: Die basiese pakket kos R2 000 per jaar. Dit sluit gimnasium-fooie in. Spelers kan ook Rugbyakademie-klere bestel.
NOTA: Speel rugby by die klub van jou keuse.

Stellenbosch voluit rugby
Rugbyakademie voluit student

NAVRAE: Telefoon: 021 88 77 432
E-pos: info@stellenboschrugbyakademie.co.za
www.stellenboschrugbyakademie.co.za

Die Bloukamer
Restaurant - Catering-
Conference Facility
www.diebloukamer.co.za
Top Floor Neelsie Centre
Big screen TV / Bar
021 808 2846
erika@diebloukamer.co.za

Die MATIE
# Sport
WOENSDAG 10 MAART 2010 NEGE-EN-SESTIGSTE JAARGANG | NO 7 | GRATIS OP KAMPUS VERSPREI

Die Bloukamer
Restaurant - Catering-
Conference Facility
www.diebloukamer.co.za
Top Floor Neelsie Centre
Big screen TV / Bar
021 808 2846
erika@diebloukamer.co.za

## Women stars of Waterpolo

EMMA KEET

SOME students wil be rather supprised to know that it is not only the Maties rugby team that has intervarsity tournaments. Various other sports also have intervarsity cups and most of them are very exciting.

The Maties Water Polo Club recently also hosted their annual Intervarsity Water Polo event against their biggest rivals, UCT. The event took place at the Coetzenburg Pools on Wednesday 24 February.

The Maties men were at hand to help create a very positive buzz around the event thanks to their advertising campaign.

The advertising campaign was the reason for many excited girls, and other supporters, to flock to the pool on Wednesday night.

Right from the start the Maties men's third team beat UCT's third. In the next game the Maties second women's team narrowly lost by one goal, but this was a huge improvement from the previous year.

The following game between Maties second men versus UCT second men was an exciting game, ending in a draw, which caused the buzz to return in full force.

The final two games between the women's first teams and then the men's first teams had the crowd on their feet.

The Maties women played like champions and managed to beat UCT 6-4.

The Maties men offered the best entertainment of the night as they played a very evenly matched game.

The final result was an 11 all draw, but this did not dampen any moods. However, the Maties team handled their defeat well.



**GEEN UITKOMKANS** Cameron Peverett, plaasvervanger-flank van Maties, wikkel homself hier uit die greep van sy opponente van Ikeys. Maties het Ikeys Maandagaand met 23-17 geklop. Foto: JOHANN SWART

Maties klop Kaapse teenstanders, maar toekoms lyk nie meer so blink

## Kans op Varsity Cup-driekuns skraal

PIET LATEGAN

Die FNB Maties het Maandagaand 'n oorwinning van 23-17 oor Ikeys behaal, maar dit was vir die fynproewer beswaarlik iets om te aanskou. Daar sal hard gewerk moet word as daar gepoog word om 'n driekuns van Varsitybekertitels te behaal.

Die wedstryd het met rukke en stote begin en altwee spanne het vroeg probeer om die oorhand oor die ander te kry. Maties se losskakel, André Kemp, het vroeg met 'n strafskop misluk wat goeie inisiatief vir Maties kon bewerkstellig het. Ikeys het deurentyd die meeste balbesit geniet, maar het telkens besluiteloos voorgekom. Hul buitesenter, Marcel Brache, en linkervleuel, Marcello Sampson, was male sonder tal vol gif. Kemp het hierna met twee strafskoppe geslaag en toe die slot van Maties, Andrew Prior, die bal onderskep en bykans oor die hele veld nael om te gaan druk, was die vet in die vuur. Kemp se doelskop was ook suiwer.

Maties was egter nou op soek na nog 'n opstopper om die wedstryd in hul guns te swaai, maar daar was geen sprake hiervan nie. Dit was Ikeys wat net voor rustyd gaan druk het toe Sampson oorgeval het ná 'n goeie samespel en flink spel deur die agterlyn. Die doelskop van die losskakel, Matt Rosslee, was egter windskeef en Maties kon gaan water drink met 'n voorsprong van 16-5 ná nog 'n strafskop deur Kemp.

Aan die begin van die tweede helfte het Ikeys pal aangeval, maar Maties verdien 'n pluimpie vir hul rotsvaste verdediging. Maties se regtervleuel, Wilhelm Loock, het egter hierna vir Maties oorgebars ná puik hanteerwerk deur hom en ná die doelskop van Kemp en die telling 23-5 in Maties se guns, wou dit voorkom of die stryd gewonne was.

Hier het Maties egter 'n groot fout begaan deur te vroeg op hul louere te begin rus. Ikeys het feitlik onmiddellik teruggeslaan met 'n drie deur hul plaasvervanger-senter, Mark Esterhuizen, en hulle het hierdeur vir Maties gewys dat hulle nie gaan lê nie.

Hulle het kort hierna nog sout in Maties se wonde gevryf toe die heelagter, Therlow Pietersen, gaan druk het ná goeie samespel tussen voor- en agterspelers. Rosslee se korrel het hom egter in die steek gelaat, maar die skare is nietemin getraktee op 'n senutergende einde. Maties het deurentyd 'n genoegsame buffer opgebou, maar die uitklophou het hulle bly ontwyk. Daar het ook gate in Maties se verdedigingspatroon begin verskyn en die eindfluitjie kon nie vinnig genoeg blaas nie. Maties sal egter die oorwinning vat en aanbeweeg, maar daar lê geen maklike paadjie tot sukses vir hulle voor nie.

Maties het verlede week vir Tukkies met 64-17 afgeslag en Dagbreek het ook die Matie-vlag laat wapper met 'n oorwinning van 61-10 oor die Madibas van die Nelson Mandela Metropolitaanse Universiteit.

Steinhoff
International

VARSITY CUP 2010

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Mrt 15 | Maties | vs | Pukke | Fanie du Toit Stadium | 4:30pm |

Semi-finals 22 Maart | Finale 29 Maart

FIRST NATIONAL BANK
MATIES FIRST TEAM

FNB MATIES

Maandag 1 Mrt 2010
FNB Maties vs TUKS
74 - 17

Maandag 8 Mrt 2010
FNB Maties vs UCT
23 - 17

First National Bank
How can we help you